

1. SOSIALE DEMOKRASIE EN DIE "KOMBINASIE" VAN VRYHEID EN GELYKHEID

Sosiale Demokrasie is 'n ideologie omtrent die gewenste ekonomiese en politieke stelsel wat veral sedert die Tweede Wêreldoorlog groot aanhang in hoogsgeïndustrialiseerde Westerse lande geniet. As 'n ideologie wat bepleit word vir lande met 'n hoë per capita inkome en 'n hoë belastingkapasiteit, is dit die ideologie van 'n luukse stelsel wat eintlik net deur die relatief ryk Eerste-wêreld-lande bekostig kan word. Nogtans verteenwoordig dit 'n belangriker ideologiese maatstaf in terme waarvan die Westerse lande ander lande - en veral lande wat hulle as Westerse lande voorhou - beoordeel. Gevolglik kan die Sosiale Demokrasie as 'n ideaal beskou word waarna alle lande - wat nog nie volledig in die geledere van die moderne Westerse wêreld gearriveer het nie - moet streef indien hulle vir aanvaarding in hierdie geledere wil kwalifiseer.

Die moderne ideologieë het hulle beslag gekry tydens die Verligting in die tweede helfte van die 18de eeu. Dit is kenmerkend van alle moderne ideologieë dat dit besonder optimisties en selfs utopies is en dikwels groter beloftes maak as wat bereikbaar is. Die ideologie van Sosiale Demokrasie is dan ook nie 'n uitsondering op hierdie reël nie. Die Sosiale Demokrasie word aangebied as 'n ekonomiese en politieke stelsel wat (individuele) V R Y H E I D (en ekonomiese groei wat na bewering daaruit voortvloeи) en (sosiale) G E L Y K H E I D (en die regverdigheid wat dit sal bewerkstellig) op die bes moontlike manier "kombineer". Hoewel hierdie besondere belofte nie maklik bereikbaar is nie, is Sosiale Demokrasie daardie ideologie wat doelbewus daarop ingestel is om enersyds die eensydigheid waaraan die Liberale Demokrasie (en die Laissez-faire kapitalisme wat gewoonlik daarvan verbind word) te oorkom en om andersyds ook die eensydigheid waaraan Demokratiese Sosialisme (en die oordrewe beplande ekonomie en burokratiese rompslomp waarmee dit gewoonlik verbind word) te oorkom.

'n Moderne Amerikaanse politieke wetenskaplike, Leslie Lipson, beskryf demokrasie as die stelsel wat die Westerse idees van vryheid en gelykheid só probeer verbind dat die grootste moontlike hoeveelheid vryheid en gelykheid gelyktydig vir al die lede van die gemeenskap beskikbaar is. Lipton besef egter dat so 'n "ideale" verbinding van hierdie twee idees 'n bykans onbegonne opgawe is vanweë die veelkantigheid van sowel die vryheids- as die gelykheidsidee. Dit wat Lipton in die volgende aanhaling as die "ethos of democracy" definieer, sal ons - vir die doeleindeste van hierdie hoofstuk - graag as die "ethos of Social Democracy" wil herdefnieer:

"If one tries to compress the ethos of democracy into the briefest summery, it will run something like this: democracy is the form of government which combines for its citizens as much freedom and as much equality as possible ... When we say that our governing ideals are liberty and equality, and that the aim of democratic governments is to combine them in practice, what we have done is to propound a riddle with more double meaning than the Delphic oracle ever contrived. Liberty itself is a complex notion which may be defined in opposite ways, and those opposites are mutually incompatible. The same holds for equality. Therefore, when liberty and equality are combined, their inherent contradictions are compounded - ... (While) liberty is primarily an individualistic concept ... equality is a social one. Liberty focuses on the individual as he or she looks outwards from the self to others. Equality ... is different ... (It) affirms the individual's fellowship with others within a social framework."¹⁾

Wanneer vryheid en gelykheid - soos dit in die moderne Westerse tradisie gestalte gekry het - ter sprake kom, kan tussen verskillende vorme van sowel (individuele) vryheid as (sosiale) gelykheid onderskei word soos dit op morele, juridiese, ekonomiese en politieke vlakke van toepassing is. Maar afgesien van die verskeie betekenisse van elk op die verskillende lewensterreine, kan 'n legio van verbindingen tussen die verskillende vlakke ter sprake kom. Soms

1) Lipton, L., "The Philosophy of Democracy", Journal of International Affairs, 1985.

kan vryheid en gelykheid op 'n bepaalde vlak mekaar aanvul soos juridiese vryhede en regte van individue wat streng gesproke net kan bestaan as daar vir alle individue gelykheid voor die geregt bestaan. Net so kan vryheid van spraak net werkelik betekenisvol wees as daar redelik gelyke onderwysgeleenthede en redelik gelyke toegang tot inligting en die publikasie daarvan, bestaan. Individue se politieke vryheid en regte impliseer ook dat daar gelyke stemreggeleenthede vir alle (volwasse) individue sal wees.

In ander opsigte kan die idee van (individuele) regte en vryheid (en die ekonomiese dinamika wat dit na bewering veroorsaak) egter lynreg bots met die eise van (sosiale) gelykheid en geregtigheid. Die individu se vryheid om na willekeur oor sy eiendom te beskik en die reg om sodoende vir homself groot rykdom te vergaar, word meesal as onversoenbaar beskou met die idee van 'n hoë mate van ekonomiese gelykheid en gelyke (ekonomiese) geleenthede vir almal. Aan die ander kant kan pogings om 'n hoë mate van ekonomiese gelykheid te bewerkstellig tot gevolg hê dat individuele vryheid en regte tot so 'n mate ingekort moet word dat dit 'n nadelige effek op entrepeneurskap en ekonomiese groei kan uitoefen.

Om die groot verskeidenheid van betekenisse wat sowel die vryheids- as die gelykheidsidee kan aanneem (en die gestalte wat dit in dikwels opponerende ideologieë verkry het) nader te omskryf, gee ons in hierdie hoofstuk 'n kort oorsig van die "evolusie" van sowel die vryheids- en die gelykheidsidee in die intellektuele geskiedenis van die Weste. Terwyl daar aanvanklik gepoog is om die relatiewe belangrikheid van albei hierdie idees te beklemtoon en om strukture te vind wat tot 'n redelike mate aan albei reg sal laat geskied (of 'n redelike "afweging" tussen hulle sal bewerkstellig), het daar in die afgelope drie eeue twee baie ongelukkige "ontsporings" ten opsigte van heirdie twee idees plaasgevind. In die 18de en 19de eeue het 'n eerste of "regse" ontsporing plaasgevind toe die (individuele) vryheidsidee oorbeklemtoon is deur die opkomende burgerstand. In hulle lang uitgerekte stryd om hegemonie teen die mag en bevoorregte posisies wat die aristokrasie (en die geestelikes) op ekonomies, politieke en sosiale gebiede besit het, het hulle die idee van individuele vryheid -

soos dit gestalte gekry het in die ideologie van Liberalisme (én Laissez-faire kapitalisme) - as wekroep gebruik en dit ter wille van hulle seksionele belang, oorbeklemtoon.

Skrywers wie se idees instrumenteel tot hierdie "regse" ontsporing was - soos ons hieronder in meer besonderhede sal aantoon - John Locke, Voltaire (en ander "philosophes" van die Verligting), David Ricardo, Jeremy Bentham, Herbert Spencer, Milton Freedom, ens. Populêrweg word Adam Smith ook as 'n grondlegger van die 19de eeuse Liberalisme en Laissez-faire kapitalisme beskou, maar dit laat nie altyd reg aan hom geskied nie.

Danksy die opwelling van liberalistiese ideologieë in die 18de eeu en 'n reeks revolusionêre gebeure wat strek vanaf die Amerikaanse Vryheidsoorlog (1776) tot die Britse Reform Act (1832) - maar wat ook die Industriële en Franse Revolusies insluit - is die aristokratiese bestel van die Ou Orde vervang deur die burgerstand-bestel van die industriële 19de eeu en is die vryheidsidee - soos dit eensydig geïnterpreteer is deur die seëvierende burgerstand - op die verskillende lewensterreine vir (hoofsaaklik) die burgerstand gerealiseer. Die "vryheid" wat in die 19de eeu vir die laere stande beskikbaar was, was hoofsaaklik net tot sekere juridiese vryhede beperk en het beslis nie die politieke en ekonomiese vryheid ingesluit om vir hulle 'n beter lewenstog te bewerkstellig nie.

'n Tweede of "linkse" ontsporing het in die 19de en 20ste eeu plaasgevind toe die (sosiale) gelykheidsidee oorbeklemtoon is deur die laere stand en hulle intellektuele pleitbesorgers. In hulle stryd om hegenomie teen die mag en bevoorregte posisie (en die selektiewe vryhede) wat die burgerstand intussen verwerf het, het die laere stand die gelykheidsidee - soos dit gestalte gekry het in die ideologie van Marxisme en Demokratiese Sosialisme - as wekroep gebruik en, ter wille van hulle agtergeblewe posisie, oorbeklemtoon. Skrywers wie se idees instrumenteel was die opkoms van die sosialisme in die 19 en 20ste eeu, was die Utopiese Sosialiste (aan die begin van die 19de eeu), Karl Marx, F. Engels en die sg. Revisioniste aan die einde van die 19de en begin 20ste eeu. Populêrweg word J.J. Rousseau as 'n belangrike voorloper van die idee

van sosialisme beskou, maar hierdie aanspraak laat nie reg aan Rousseau gekied nie. Die Politieke Katolisisme van Pous Leo XIII het ook 'n belangrike rol in die evolusie van sosialistiese idees gespeel.

Pogings om gedurende die 19de en aan die begin van die 20ste eeu sommer oornag die kapitalisme met 'n sosialistiese bestel te vervang, het klaaglik misluk. Voorbeeld hiervan is die "phalanges" wat Fourier in Frankryk gestig het en die New Harmony wat Robert Owen in Amerika probeer vestig het. Nog voorbeeld is die sosialistiese bestel wat Louis Blanc ná die Februarie-Revolusie in 1848 in Frankryk wou vestig en die regering van die Sosiaal Demokratiese Party in Duitsland onmiddellik ná die Eerste Wêreldoorlog. Die stelsel wat ná die Leninistiese Revolusie van 1917 in Rusland tot stand gekom het, is gepropageer in die naam van sosialisme, maar die gelykheidsidee is geensins daardeur bevorder nie - in elk geval nie op politieke en juridiese gebiede nie - omdat die Kommunisme wat mettertyd in Sowjet Rusland uitgebou is, 'n militaristiese diktatuur eerder as 'n ware sosialistiese stelsel is.

Ná die Eerste Wêreldoorlog het die meeste Westerse lande (vir die eerste keer) ware volksdemokratiese grondwette verkry. Soos ons hieronder sal aantoon, het die laere stand die parlementêre mag wat die volksdemokrasie aan hulle gebied het, suksesvol in Westerse lande gebruik vir 'n proses van ekonomiese demokratisering wat tot die ontstaan van die welsynstaatkapitalisme geleei het. Danksy hierdie proses bestaan die stelsels van "gemengde" kapitalisme en konstitusionele demokrasie - soos gerugsteun deur die ideologie van Sosiale Demokrasie - sedert die Tweede Wêreldoorlog in Westerse lande en slaag hierdie lande om 'n redelik gebalanseerde "kombinasie" tussen die vryheids - en gelykheidsidees te bewerkstellig.

2. DIE EVOLUSIE VAN DIE (INDIVIDUELE) VRYHEIDSIDEE

(a) Die vryheidsidee vanaf die Antieke filosowe tot en met die Verligting

Die idee dat die individuele mens 'n natuurlike en/of morele aanspraak op sekere (onvervreembare) vryhede en regte sou hê, is al van die vroegste tye in die Westerse intellektuele geskiedenis teenwoordig. By Aristoteles het die idee van individuele vryheid en die daarvan gepaardgaande morele verantwoordelikheid sterker na vore getree as by Plato. Aristoteles het die individu se verantwoordelikheid om voortdurend morele keuses te maak as onontbeerlik beskou vir die personalistiese ontwikkeling wat elke individu ter wille van die gemeenskaplike welsyn behoort te ondergaan.

Dit was veral die Stoïsynse filosowe wat die idee omtrent die (onvervreembare) regte en vryhede van ^{individue} en die (natuurlike) humaniteit van elke mens in die waardeskema van die Westerse beskawing ingeburger het. Hulle het aan die idee van individuele vryheid 'n besondere inhoud verleen deur enersyds vir die erkenning van die private en persoonlike lewe van elke individu - soos dit uit natuurlike wette sou voortspruit - te pleit en deur andersyds die universaliteit van menswees te verdedig met die argument dat alle mense oor dieselfde rationele vermoëns (of natuur) beskik. Hierdie dubbele idee omtrent die (natuurlike) regte waарoor elke (individuale) mens sou beskik én omtrent 'n universeel bindende reël vir (gelyke) regverdigheid en menswaardigheid, loop sedertdien soos goue drade deur die Westerse beskawing. Die Stoïsynse idees van morele vryheid en regte was vatbaar om op verskillende maniere in verskillende tydvakke van die geskiedenis geïnterpreteer te word. Toe die Romeinse ryk in die vierde en vyfde eeu die Christendom as amptelike godsdiens aanvaar het, het die Stoïsynse idee van individuele menswaardigheid 'n waardevolle konseptuele raamwerk gebied vir die aanvaarding en die verspreiding van die Christendom. Gevolglik het dit 'n blywende invloed op die Christelike mensbeskouing uitgeoefen, terwyl die Christendom 'n nuwe inhoud aan Stoïsynse begrippe verleen het.

Die Stoësynse idee van die individu se aanspraak op natuurlike regte en vryhede sou vir eeue 'n baie omstrede aangeleentheid bly. Dit sou onder meer aanleiding gee tot die onderskeid tussen dāár= die vryhede en regte wat individue (van nature) het en dié wat deur politieke owerhede aan hulle toegeken word. Die eerste is as natuurlike (onvervleembare) regte voorgehou wat deur die politieke owerhede eerbiedig moet word en die tweede as burgerregte. John Locke (1632-1704) is een van die sterkste kampvegters vir die natuurlike regte en vryhede waaroor individue op grond van hulle menswees geregtig sou wees. Locke kan waarskynlik beskou word as die vader van die (individuele) vryheidsidee wat in die 18de en veral in die 19de eeu aan die Liberalisme ten grondslag gelê het en wat in vele opsigte op 'n verabsolutering van individuele vryheid (en regte) neergekom het.

John Locke was gekonfronteer met die Hobbes-probleem en met die diktoriale optrede van die Stuart-monargie in die 17de-eeuse Brittanie. Hobbes het beweer dat die mens in sy natuurtoestand die wildste van alle diere is en dat slegs 'n diktator met die gesag van die swaard 'n orde kan skep waarin vrede en 'n sekere mate van vryheid kan heers. Locke aanvaar ook die natuurtoestand as uitgangspunt, maar het 'n baie "idealistiese" of "vredeliewende" siening van die natuurtoestand gehad. Ten spyte van die "vredeliewendheid" van die natuurtoestand gaan individue volgens hom vrywillig 'n sosiale kontrak aan om die natuurlike regte (insluitende eiendomsreg) en vryhede wat hulle in die natuurtoestand besit, beter te kan beskerm.

Die sosiale kontrak het volgens Locke in twee stadia plaasgevind. Die eerste stadium was die sosiale kontrak waardeur die gemeenskap geskep is. Hierdie gemeenskapsteorie impliseer dat Locke die aanvegbare standpunt huldig dat die mens reeds regte en vryhede besit het vóór die gemeenskap tot stand gekom het. Die tweede stadium was die politieke kontrak waardeur die algemene staats-outoriteit geskep is. Terwyl die sosiale kontrak die instemming van alle lede vereis, is 'n meerderheidsinstemming volgens hom voldoende vir die totstandkoming (én die opheffing) van die politieke kontrak. Terwyl die sosiale kontrak 'n eenmalige en finale gebeurtenis is, is die politieke kontrak van voorwaardelike aard en kan die meerderheid dit herroep as hulle van mening is dat die politieke owerheid nie meer na wense regeer nie. Hierdie

herroeping kon volgens Locke in sekere omstandighede ook op 'n revolusionêre manier gebeur.

Met hierdie siening van politieke vryheid kon Locke aanvoer dat mense nie in owerheidstrukture gebore word waar hulle 'n Goddelike opdrag, 'n heilige plig, of 'n aristokratiese tradisie het om hulle regeerders te eerbiedig nie. Vir die oorgang van die monargale Ou Orde van die 17de en 18de eeu na die liberale regstaat met sy burgerstand-vryhede en voorregte van die 19de eeu, was Locke se idees van deurslaggewende belang. Dit het as 'n belangrike regverdiging gedien vir die revolusionêre gebeure in die 17de en 18de eeu. In die Revolusie van 1688/9 waardeur Engeland 'n konstitusionele monargie geword het, het Locke 'n direkte aandeel gehad. Sy idee dat elke individu 'n morele reg het om beskerm te word teen inmenging van ander individue in die beoefening van hulle (heilige) regte op lewe, vryheid en private eiendom, het ook konkrete gestalte gevind in die Amerikaanse grondwet.

Die liberale idees van Locke en ander skrywers het maklik inslag gevind in Amerika omdat die sosiale omstandighede daar van meet af 'n veel groter mate van sosiale mobiliteit toegelaat het as wat gedurende die 18de eeu in veral Kontinentale Europa die geval was. Terwyl die vryheidstryd in Amerika hoofsaaklik 'n stryd teen die koloniale oorheersing van die Britse Koningshuis was, was die vryheidstryd op die Kontinent hoofsaaklik 'n stryd om sosiale vryheid en in Engeland 'n stryd om ekonomiese vryheid. Vanweë die oorblyfsels van die feodale stelsel op veral die Kontinent het 'n stroewe en onbuigbare sosiale stratifikasie die opwaartse mobiliteit van die opkomende burgerstand dáár baie bemoeilik. Die "vryheid" waarvoor die skrywers van die Verligting hulle beywer het, moet dan ook gesien word teen ^{die agtergrond van} die sosiale, intellektuele en religieuse "onvryhede" en "onbeweeglikhede" wat kenmerkend van die Ou Orde in Europa was.

Die filosowe van die Verligting verwys hoofsaaklik na 'n groep Franse skrywers wat gedurende die 18de eeu groot entoesiasme gehad het vir die moontlikhede wat deur die wetenskaplike metode van Newton en deur die mens- en maatskappybeskouings van Locke ontgin is. Hierdie filosowe het hulle in 'n beweging georganiseer

en hulle kortweg philosophes^{2.}) genoem met die oorheersende doel om elke aspek van die menslike lewe aan indringende rasionale en wetenskaplike ondersoek te onderwerp. In hulle obsessie om elke aspek van die lewe te sekulariseer, het hulle in felle opstand teen die mag van die geïnstitutionaliseerde godsdiens gekom en godsdiens as die restant van bygeloof en as feëverhale en primitiewe propaganda verwerp. Volgens hierdie filosowe beskik die individuele mens oor die vermoë om die aardse lewe te vervolmaak tot 'n goeie en gelukkige lewe. Dan moet hy egter losgemaak word van al sy onkunde, godsdiestige bygelowe, vrees en vooroordele en van alle sosiale hindernisse. In sy optrede moet die mens hom laat lei deur sy rede en deur sy ervaring omtrent dit wat (vir hom) nuttig is. Maar om die goeie, perfekte en nuttige lewe 'n werklikheid te maak, moet nie alleendie mens se rede (gees) nie, maar ook sy liggaam bevry word van al daardie sosiale, ekonomiese en politieke tradisies en instellings wat hom "bind" en hom weerhou van 'n gelukkige bestaan in die wêreld.

Die philosophes het die waardes van rasionele individualisme met trots en selfversekerdheid verkondig en hulle self ten doel gestel om 'n nuwe "wetenskap" van "vryheid" te bou. Voltaire en sy geesgenote was daarvan oortuig dat as die rede met behulp van die wetenskaplike en/of empiristiese werkmetodes van Newton en Locke - en met die nodige mate van skeptisme - hom van alle vooroordeel en vooringenomendhede kan suiwer dit in staat sal wees om die natuurlike en wetmatige orde wat onderliggend aan die natuur én die menslike maatskappy is, bloot te lê. Hulle was van mening dat hulle die intellektuele basis kon voorsien waardeur die Ou Orde omver gewerp kan word en met 'n volledig gesekulariseerde en naturalistiese beskawing vervang kan word sodat die ware doel van menswees - nl. vryheid en geluk - verwesenlik kan word.

Die philosophes het 'n allesomvattende wêreldbeeld geformuleer deur die Deisme as die sentrale konsep van hulle wêreldbeskouing te aanvaar. Die Deisme kan as 'n religie van die rede beskryf word waarvolgens God as die groot Horlosiemaker beskou word. Hy het die

2.) Die vernaamste philosophes was Bernard Le Bovier de Fontenelle, Pierre Bayle, Baron d'Holbach (1723-1789), Claude Helvetius (1715-1771), Jacques Turgot (1727-1781) en Montesquieu (1689-1755)

wêreld as 'n wetmatig samehangende geheel geskep en meng Hom g eensins meer met die outomatiese en die harmoniese werking van die natuur - in sowel sy fisiese as sy menslike aspek - in nie. Volgens hierdie siening gebeur niks toevallig nie, maar word alles deur 'n Goddelike voorsienigheid (of wetmatigheid) bepaal. Met hierdie "kunsgreep" het die Verligting die Christelike godsdiens, sy leerstellings en sy bestaansreg ernstig bevraagteken, maar tog sekere "religieuse argumente" gebruik om aan hulle idees intellektuele aanvaarbaarheid in die 18de eeuse wêreld te verskaf. Deur die optrede van God te "beperk" of "terug te druk" tot dié van die Skepper (Horlosiemaker) van 'n groot meganiese outomaat, het die sekuralisasieproses waarskynlik sy hoogtepunt bereik. Dit het aan die Verligting 'n sakrale rasionalisering vir die beweerde wetmatigheid in die natuur én in die menslike maatskappy gebied en terselfdertyd God as "oorbodig" voorgestel. Indien Hy Hom met Sy Skepping sou bemoei, sou Hy immers die wetmatige verloop van fisiese en sosiale gebeure in die war stuur. Hiermee is die individu bevry om in die vermeende geordende universum sy eie lewe te leef sonder hoop of vrees vir 'n goddelike inmenging en sonder die bedreiging van verdoeming en die verwagting van ewige verlossing. Dit sou die mens en sy rede voortaan vry staan om sy eie heil (geluk) in hierdie wêreld uit te werk!

Hierdie optimistiese idees van die Verligting het 'n belangrike oorsaaklike rol in die Franse Revolusie gespeel. Die optimistiese geloof in die vermoë van die rede en in die heilsame effek van vryheid van optrede was so sterk dat die rampspoedige ontsporing tydens die Skrikbewing en die geweldadigheid van die Napoleontiese oorloë die optimisme welliswaar gedemp het, maar het dit nie uitvoof nie. Onmiddellik ná die Napoleontiese oorloë het die geloof in die rede en in individuele vryheid opnuut na vore getree om die Liberalisme van die 19de eeu intellektueel te onderskraag.

Immanuel Kant (1724-1804) het 'n selfstandige betekenis aan vryheid verleen deur dit ten nouste te verbind met sy rasionalistiese etiek. In teenstelling met die philosophes het hy die voorwaardelike karakter van vryheid op 'n oorspronklike wyse gedefinieer en probeer aan toon hoe nou vryheid aan morele verantwoordelikheid gekoppel is en daardeur begrens behoort te word. Sy poging om die eensydigheid van die vryheidsidee soos dit deur die opkomende burgerstand gebruik en

misbruik is teen te werk, het ongelukkig nie in die loop van die 19de eeu die gewenste invloed gehad nie.

(b) Adam Smith en "the system of natural liberty"

Volgens 'n populêre opvatting het die liberale ideologie van die 18de eeu eers 'n werklik invloedryke teorie geword toe Locke se idees omtrent die natuurlike regte van die individu en die Verligting se vertroue in die vermoë van die menslike rede, gekoppel is aan Adam Smith se idee dat 'n Onsigbare Hand die selfsugtige optrede van individue tot 'n sosiale harmonie sal saamsnoer én boonop sal verseker dat die algemene belang op die bes moontlike wyse bevorder sal word. Hoewel Adam Smith sterk onder die invloed van Newton en die Deisme gestaan het, was sy "Onsigbare Hand"-leerstelling nie so vanselfsprekende, dog, magiese krag soos wat populêrweg geglo word nie. Smith was van mening dat die Onsigbare Hand wel 'n heilsame ewewig kan bewerkstellig, slegs indien "the system of natural liberty" verwesenlik is. Hy het egter baie sterk (strukturele) voorwaardes gestel wat moet geld voordat "the system of natural liberty" 'n werklikheid kan word.

Die skewe interpretasie wat populêrweg aan Smith se Onsigbare Hand-idee verleen word, moet waarskynlik gewyt word aan die feit dat Smith se Wealth of Nations (1776)³⁾ meesal in isolasie gelees word en nie - soos Smith dit bedoel het - as 'n verlengstuk van sy Theory of Moral Sentiments (1759)⁴⁾ nie. Reeds sedert Hobbes, is die "energie" wat in individuele eie-belang verskuil lê, erken maar dit was eers Adam Smith wat die ekonomiese betekenis daarvan ten volle besef het. Gedurende die loop van die 18de eeu het die sg. Sentimentele Skool van Morele Filosowe - 'n Britse skool waarvan Locke die grondlegger was - hulle reeds besiggehoud met die vraag oor hoe die "energie" wat in individuele vryheid en eie-belang verskuil lê, toegelaat kan word om tot ontplooiing te kom, sonder dat dit (onaanvaarbare) sosiale en morele ontwrigting tot gevolg sal hê.

3) Voortaan verkort tot W of N

4) Voortaan verkort tot TMS

In Adam Smith se TMS bereik die "gevoelsmoraliteit" van die Sentimentele Skool 'n hoogtepunt. Hierin probeer Smith wegkom van die "te goeie" mensbeskouing van Locke, Shaftesbury, Francis Hutcheson en Joseph Prestley en probeer ^{hy} aantoon hoe eie-belang (of self-liefde soos dit destyds genoem is) versoen kan word, of versoenbaar is, met 'n sosiale ewewig. Hoewel hierdie skrywers hulle probeer losmaak het van die "idealistiese" en/of "vredeliewende" mensbeskouing van Locke, kon hulle tog nie daarin slaag nie.

Om te ontkom aan die veronderstelling (van Shaftesbury en Hutcheson) dat die mens 'n aangebore "morele sin" of 'n sterk sosiale oriëntasie het, veronderstel Smith dat die mens met twee oorheersende instinkte - nl. eie-liefde en simpatie (of mede-menslikheid) - gebore word, maar dat hierdie instinkte aanvanklik baie neutraal en "onderontwikkeld" is (uit 'n morele oogpunt) en slegs die potensiaal het om binne 'n goedgestrukteerde gemeenskap tot riglyne vir morele gedrag te "ontwikkel". Die "ontwikkeling" van die mede-menslikheidsgevoel kan alleen plaasvind as die individu in 'n "oop" gemeenskap (waarin alle groepsvorming volledig uitgeskakel is), gedissiplineer kan word om sensitief te wees vir die goedkeuring van die totale gemeenskap en nie net vir die goedkeuring van 'n klein groepie nie. Slegs dan sal die individu instinkmatig sodanige goeie morele gewoontes aankweek dat hy sy eie-belang mettertyd spontaan op 'n baie omsigtige wyse sal najaag, d.w.s. op 'n manier wat nie vir hom die onguns van die gemeenskap op die hals sal haal nie.

In teenstelling met sy voorgangers in die Sentimentele Skool, stel Smith die bestaan van bepaalde sosiale en juridiese strukture as 'n voorvereiste vir die aankweek en inburgering van goeie morele gewoontes. Sodanige strukture is volgens hom onontbeerlik vir 'n ontplooiing van eie-belang op 'n wyse wat funksioneel vir die totstandkoming van 'n sosiale ewewig sal wees. Hy veronderstel dus nie dat die mens van nature 'n sosiale of rasionele wese is nie. Maar danksy die natuurlike instinkte wat in die individu gesetel is, kan die mens binne 'n bepaalde raamwerk tot sosiale wese gesosialiseer word - of kan hy gedissiplineer word om hom te gedra asof hy gesosialiseer is. Smith het dus in sy opvatting slegs oor vryheid en moraliteit tegelykertyd 'n naturalistiese en 'n strukturalistiese siening gehandhaaf. Hy glo in die

natuurlike instinkte van die mens, maar besef dat sekere sosiale en juridiese strukture onontbeerlik is vir die aankweek van goeie morele gewoontes. Terwyl Kant die vryheid van die individu probeer begrens het deur die klem wat hy op elke mens se rasionele morele verantwoordelikheid gelê het, wil Smith dit doen deur die goeie morele gewoontes wat individue instinkmatig (d.w.s. spontaan) in 'n "oop" gemeenskap sal aankweek, te beklemtoon.

In sy W of N het Adam Smith hom verantwoord oor die addisionele voorwaardes (of stukture) wat moet geld sodat daar nie alleen 'n sosiale ewewig nie, maar ook 'n ekonomiese ewewig tot stand kan kom. Hierdie voorwaardes vind hy in 'n ekonomiese stelsel waarin atomistiese mededinging tussen die markdeelnemers bestaan. Hy beskryf so 'n stand van sake as "a system of natural liberty".

Toe Smith die ekonomiese stelsel van sy tyd - die sg. Merkantilisme - begin bestudeer het, was hy geskok oor die wyse waarop die monopolistiese handelaars die magsposisies waарoor hulle beskik het en wat meesal deur 'n owerheidsoktrooi geskep en in stand gehou is, misbruik het om hulle seksionele belang te bevorder en wel op 'n wyse wat die algemene belang ernstig ondermyn het. Die waarde- en prysteorie wat hy in sy W of N ontwikkel het, was dan ook daarop bereken om morele maatstawwe te ontwerp in terme waarvan hy die "afwykende" gedrag van die ryk handelaars aan skerp morele kritiek kon onderwerp.

Wanneer Smith in sy W of N van eie-belang praat wat deur 'n Onsigbare Hand "gelei" sou word om die algemene belang te bevorder, dan beywer hy hom beslis nie vir ongebredelde (of 'n amorele) ontplooing van eie-belang (of individuele selfsug) soos wat populêrweg geglo word nie. Inteendeel. Hy bedoel eerder daardie eie-belang-optrede wat reeds binne die raamwerk van 'n bepaalde sosiale en juridiese struktuur - en danksy die instink van medemenslikheid - getempter is tot "omsigtige eie-belang". Wat Smith in sy gewraakte Onsigbare Hand paragraaf bedoel, kan soos volg hergeformuleer word: Indien daar reeds 'n "sosiale ewewig" (soos in die T.M.S. beskryf) bestaan en individue reeds goeie morele gewoontes aangekweek het en die "system of natural liberty" boonop ook op ekonomiese terrein

in die plek van die Merkantilistiese magsvorming en bevoorregting geset kan word, dan - en dan alleen - kan die "energie" wat in individuele eie-belang verskuil lê, toegelaat word om tot volle ontplooiing te kom, want dan - en dan alleen - sal individue optree asof hulle deur 'n Onsigbare Hand geleid word om die algemene belang te bevorder.⁵)

Dit is bitter jammer dat diegene wat Smith se ekonomiese leerstelling gepropageer het - sonder om ook sy T.M.S. te lees - Smith se voorvereistes vir die suksesvolle werking van die Onsigbare Hand afgewater het tot 'n min of meer (en mettertyd al hoe minder) mededingendende markekonomie. Smith was realisties genoeg om te besef dat "a system of natural liberty" nooit verwesenlik kon word nie.⁶) Die eintlike betekenis van Adam Smith is missiem daarin geleë dat hy die individu wou "bevry" of "emansipeer" van die onnodige morele en staatkundige gebondenheid van die 18de eeuse wêreld. Hierin het hy bo alle verwagtings geslaag en indirek 'n groot bydrae tot die "regse" ontsporing van die vryheidsidee gebeur. Vir Smith het die vryheid wat binne bepaalde strukture tot ontplooiing kom, weliswaar nie dieselfde universele betekenis gehad soos vir Kant

-
- 5.) As 'n sterk teenstander van die rasionele etiek wat in die 18de eeu groot aanhang in Kontinentale Europa gehad het (en waarvan Kant die beste voorbeeld was), was Smith van mening dat die individu nie oor die rasionele vermoë beskik om te besluit wat in sy eie morele belang is nie en dat 'n gemeenskap ook nie oor die "kollektiewe bewussyn" of rede beskik om gesamentlik te kan besluit wat in die gemeenskap se sosiale belang is nie. Vanweë sy vyandigheid teen 'n rasionele etiek, wou hy nie alleen individuele gedrag nie, maar ook die gemeenskap se strewe ter bevordering van die algemene belang in nationalistiese en kousaal-meganistiese terme verklaar. Terwyl hy in sy vyandigheid teen enige vorm van rasionele moraliteit sy toevlug neem tot instinkmatige gedrag, besef hy dat instinkmatige gedrag net versoenbaar is met morele gedrag en die algemene belang indien die individu hom binne die dissiplinêre raamwerk van sekere sosiale, juridiese en ekonomiese strukture bevind.
- 6.) "To expect, indeed, that freedom of trade should ever be entirely restored in Great Britain, is as absurd as to expect that an Oceana or Utopia should ever be established in it. Not only the prejudice of the public, but what is much more unconquerable, the private interest of many individuals irresistably oppose it." (WN. pp. 437-8.)

nie, en ook nie so 'n oorspronklike betekenis soos vir Locke nie, omdat hy daarvan 'n instrumentele betekenis verleen het. Dit was veronderstel om instrumenteel te wees vir die totstandkoming van 'n sosiale en ekonomiese ewewig. In die gepopulariseerde (en in vele opsigte gevulgariseerde) weergawe van Adam Smith, het die funksionele betekenis wat ongebredelde individuele vryheid vir ekonomiese groei sou hê, baie sterker na vore gekom as wat Smith dit klaarblyklik bedoel het.

(c) Ricardo, Bentham, Mill en die Utilitarianisme

Die leerstellings van David Ricardo (1772-1823) en Jeremy Bentham (1748-1832) het waarskynlik 'n belangriker bydrae as dié van Smith gelewer tot die groot houvas wat ekonomiese liberalisme in die 19de eeu in veral die Angelsaksiese wêreld verkry het. Ricardo is die grondlegger van die idee dat alle markdeelnemers 'n homo oeconomicus is. Hiervolgens weeg individue nie alleen hulle ekonomiese voordele met groot nougesetheid af nie, maar hulle optrede word ook deur streng en onbuigbare ekonomiese wetmatighede beheer. Met hierdie leerstelling het Ricardo Politieke Ekonomie geëmansipeer uit sy eeuelange onderdanigheid aan die Morele Filosofie. Die implikasie van sy leerstellings was ook dat dit vir die owerheid nie alleen onnodig is om hom met die werking van markkragte te bemoei nie, maar inderdaad ongewens is omdat die owerheid slegs die ekonomiese wette tot nadeel van die ekonomiese belang van die gemeenskap sal "buig". In hierdie Ricardiaanse ekonomiese wetmatigheid lê die "wetenskaplike" regverdiging van Laissez-faire kapitalisme opgesluit. Keynes beweer dan ook tereg dat Ricardiaanse leerstellings die Angelsaksiese wêreld in 19de eeu "oorwin" het soos die Spaanse Inkisisie Spanje in die 16de eeu oorwin het. Ricardo was sonder twyfel dié segsman van burgerstand-vryheid en bevoorrering in die 19de eeu.

Jeremy Bentham het met behulp van sy utilitarianistiese filosofie die funksionele betekenis wat aan Smith se vryheidskonsep gegee is, verder versterk. Volgens hom het idees en instellings - en daarom ook vryheid - net bestaansreg vir soverre dit nuttig is. Dit was onnodig om in die natuurreg óf in 'n natuurtoestand

óf in die natuurlike orde-idee na die oorsprong of die regverdiging van vryheid te gaan soek, want vryheid kan sigself regverdig in terme van sy resultate. Tussen Bentham se utilitarianistiese interpretasie van vryheid en welvaart en Kant se rasionalistiese siening van vryheid en deugsaamheid kan geen versoening wees nie. Hulle standpunte verteenwoordig twee totaal teenstrydige benaderings tot die vryheidsidee.

Bentham het voorsien dat die owerheid deur middel van politieke, juridiese, sosiale en ekonomiese sanksies die vrye gedrag van individue in sekere rigtings sal moet "kanaliseer" om die voortgesette funksionaliteit of nuttigheid daarvan te verseker en om partikuliere en algemene belangte versoen. Hoewel Bentham met sy funksionele teorie van vryheid 'n besonder sterk saak vir vryheid uitgemaak het, het hy (net soos Ricardo) vryheid van die morele en menswaardige inhoud wat ander skrywers daaraan verleen het, ontdooi. Hierdie funksionalistiese siening van vryheid, het vryheid baie kwesbaar gemaak. Indien vryheid om welke rede ook al sy nuttigheid sou verloor, sal die mensdom klaarblyklik nie langer rede vir die gebruik daarvan hê nie. Nogtans het Bentham se funksionalistiese interpretasie van vryheid die standaardopvatting in veral burgerstandkringe in die 19de eeu geword. Toe is vry algemeen geglo dat individuele vryheid dié werktuig vir vooruitgang en ekonomiese groei is.

John Stuart Mill (1806-1873) het in die utilitarianistiese tradisie opgegroei, maar mettertyd tog daarvan weggebreek omdat hy die gevare wat in 'n bloot funksionele regverdiging van vryheid geleë was, ingesien het. In die middel van die 19de eeu gee hy 'n nuwe inhoud aan die vryheidsidee wat aan die Liberalisme van die 19de eeu as't ware 'n nuwe lewenstog gebied het. Hy voer twee parallelle argumente vir vryheid aan: die eerste is 'n utilitarianistiese argument en die tweede is 'n nie-utilitarianistiese of rasionale argument.

Hy is ten gunste van vryheid en veral vrye diskussie omdat dit groot sosiale nut het. Maar hierbenewens is die vryheid van die individu om oor sy eie lot te kan beskik, nie alleen 'n

basiese mensereg nie, maar is dit ook onontbeerlik vir die ontwikkeling van morele verantwoordelikheid. Sonder die vryheid om tussen botsende aansprake te kan kies, verloor die mens sy menswaardigheid as 'n morele en rasionele wese. Net soos Aristoteles en Kant heg hy groot waarde aan die personalistiese ontwikkeling wat net deur vrye en verantwoordelike keuses kan plaasvind.

Ten spyte van die hoë premie wat hy op individuele vryheid geplaas het - en miskien huis ter wille daarvan - is hy nie sonder meer ten gunste van die demokrasie nie. Hy het gevrees dat 'n bevooroordeerde en onontwikkelde massa die rasionele en verantwoordelike elite van hulle vryheid kan ontnem. Hy lê besondere klem op die belangrikheid van 'n verligte opvoeding as 'n noodsaaklike voorvereiste vir vrye en verantwoordelike keuses sodat die nodige personalistiese ontwikkeling kan plaasvind. Daarom wil hy die stemreg aanvanklik net beperk tot die ervare en goed opgevoede elite wat hopelik 'n omvattende program van verligte opvoeding van stapel sal laat loop om ook die res van die bevolking vir vryheid en verantwoordelikheid en vir die uittoefening van politieke regte voor te berei (vgl. veral Mill se On Liberty). Soos ons hieronder sal aantoon, was Mill ook ten gunste van redelike grootskeepse staatsineming ter wille van 'n gelyker verdeling van inkome.

In die tweede helfte van die 19de eeu het Herbert Spencer met sy "Sosiale Darwinisme" nog eens 'n nuwe inhoud aan vryheid gegee. Spencer het Darwin se idees omtrent natuurlike seleksie aan die oorlewing van die sterkes in 'n sosiale en ekonomiese leerstelling probeer omskep. Daarom pleit hy dat alle individue vrygelaat moet word om in 'n meedoënlose stryd te bepaal wie die wenners sal wees. Die uitkoms van hierdie stryd sal groot sosiale nut hê omdat dit tot 'n beter en sterker gemeenskap sal lei. Spencer het egter 'n belangrike verskil tussen die oorlewingstryd in die natuur en die ekonomiese wedloop om materiële gewin misgekyk. Diegene wat in die ekonomiese wedloop verloor, sterf nie noodwendig nie, maar bly in armoede voortleef. Die vryheid wat in die naam van Sosiale Darwinisme bepleit word, is dus nie noodwendig instrumenteel vir vooruitgang en 'n sterker mensetipe nie,

dog eerder funksioneel vir groeiende ongelykheid. Vryheid wat hierdie resultaat oplewer, het geblyk onaanvaarbaar vir die 20ste-eeuse Westerse wêreld te wees. Die reaksie teen die Darwinistiese interpretasie van vryheid het 'n belangrike rol gespeel in die formulering van 'n nuwe vryheidsidee en vir 'n herontdekking van die gelykheidsidee in sekere kringe gedurende die 19de eeu. Die rassistiese leerstellings van die laat 19de en vroeë 20ste eeu wat die blanke ras as superieur beskou en op grond daarvan groter vryheid en meer regte vir hierdie ras opgeëis het, het 'n deel van sy intellektuele regverdiging uit die sosiale Darwinisme geput. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het hierdie leerstellings al hoe meer in diskrediet in die Westerse wêreld gekom.

(d) Kritiek op die Laissez faire-ideologie deur ekonome regs van middelpunt

Die ideologie van Laissez-faire kapitalisme en die geloof dat die "energie" wat in individuele vryheid opgesluit lê, spontaan tot 'n sosiaal heilsame ontplooiing kom binne die raamwerk van 'n vrye markekonomie, het hoogty gevier in veral die Angelsaksiese wêreld in die 19de eeu. In die laaste kwart van die 19de eeu het die Neo-klassieke ekonome (Menger, Walras, Jevons, Pareto en Marshall), met behulp van marginale en nuttigheidsbegrippe en matematisiese werkmetodes, ekonomie tot professionele vakwetenskap verhef. Vir die eerste keer is 'n wetenskaplike formulering gegee van die voorwaardes waaraan voldoen moet word voordat 'n Algemene Ewewig verwesenlik kan word en skaars produksiefaktore op 'n volledig doeltreffende of optimale (sosiaal voordelige) wyse aangewend kan word. Met behulp van die Algemene Ewewigkonsep kon hierdie ekonome die noue interafhanklikheid van die ekonomiese lewe demonstreer, en aantoon dat die waarde- of prys-, produksie- en verdelingsteorieë 'n samehangende geheel vorm. Met dié eenheidsteorie as uitgangspunt het die Neo-klassieke ekonome nuwe inhoud en nuwe regverdiging aan Adam Smith se "Onsigbare Hand" gegee deur aan te toon dat private inisiatief onder ideale mededingende omstandighede inderdaad neig om aan sommige van die voorwaardes van algemene ewewig te voldoen en daarom

neig om die welvaart van die gmeenskap te bevorder.

- ;) In die eerste helfte van die 20ste eeu het die sg. Welvaarts-ekonome (Pigou, Hicks, Little, Bergson, Kaldor en Samuelson) die Algemene Ewewig-teorie as uitgangspunt gebruik om aan te toon dat selfs onder "ideale" omstandighede van suwer mededinging daar steeds sekere strukturele hindernisse teenwoordig is wat voorkom dat die markekonomie na 'n ewewig neig waar sosiale welvaart maksimeer sal word.^{z)}

- z) In die eerste plek is daar geen waarborg dat 'n verdeling van inkome wat deur "natuurlike" kragte of suwer mededinging bepaal word, 'n sosiaal-gewenste verdeling sal wees nie, want die aanvanklike insette t.o.v. die verspreiding van eiendom en persoonlike vermoëns sal eenvoudig deur 'n markewewig in min of meer diselfde verhoudings geperpetueer word. Hoewel die welvaartekonomie vanweë probleme t.o.v. waarde-oordele en die onvergelykbaarheid van die nuttigheidservaring van individue aanvanklik probleme ondervind het om praktiese herverdelingsmaatreëls te formuleer, het hulle die morele basis waarop die klassieke en neo-klassieke ekonome se regverdiging vir ongelyke verdeling gebaseer was, só fundamenteel bevraagteken dat herverdelingsmaatreëls sedertdien as onvermydelik beskou word. In die tweede plek het die welvaartekonomie aangetoon dat selfs onder ideale omstandighede sekere markmislukkings - wat tot die struktuur van die individu-georiënteerde mark-ekonomie behoort - ondervind word en wel in terme van die sg. positiewe en negatiewe eksternaliteite wat ontstaan wanneer die sosiale voordele en sosiale koste respektiewelik groter is as die private voordeel en private koste. In sommige omstandighede kan die beginsel van verbruiker-soewereiniteit nie via die markmeganisme gerealiseer word nie, en moet die kollektiewe vraag of "weerstand" deur politieke prosesse gemeet en die toedeling van produksiefaktore deur politieke inmenging beïnvloed word. Dié beïnvloeding kan verskeie vorme aanneem, óf deur die direkte voorsiening van kollektiewe goedere en dienste van owerheidsweë óf deur 'n belasting- en subsidiebeleid.

Die Neo-klassieke begripapparaat het die welvaartekonomie dus in staat gestel om aan die begin van die 20ste eeu onomstootlike argumente te formuleer ten gunste van die politisering van die ekonomiese lewe om 'n meer gewenste verdeling van inkome en 'n groter voorsiening in kollektiewe behoeftes te bewerkstellig. Die liberale ideologie wat in wese berus het op die vermeende harmonie wat outomaties tussen private en sosiale belang bewerkstellig sou word, het finaal plek gemaak vir die baie meer gesofistikeerde standpunt dat selfs onder "ideale" omstandighede van suwer mededinging, private belang nie outomaties met die sosiale belang sal saamval nie. Die "Laissez-faire"-benadering se beheptheid met individuele vryheid moes plek maak vir die Intervensionisme se besorgdheid oor die sosiale en regverdigheidsdimensies.

Aan die begin van die twintigste eeu het die Institusionaliste (soos Veblen, J.M. Clark, Mitchell en J.A. Schumpeter) die Neo-klassieke analise van 'n suiwer mededingende, statiese wêreld waar volle indiensneming geskied, verwerp as steriel, tegnies en onrealisties. Die Institusionaliste het gepoog om hul leerstelling op psigologiese basisse en 'n mensebeskouing wat meer werklikheidsgetrou as die homo economicus van die klassieke skool was, te baseer. In plaas van die volmaakte mededingingsmodel as uitgangspunt te aanvaar, neem hulle eerder die onvolmaakthede van die mark en die grootskeepse magskonsentrasie as vertrekpunt, en konsentreer op die positiewe effek wat die magskonsentrasie op die groeiproses het en op die wyse waarop die groeiproses op sý beurt die evolusie van ekonomiese instellings beïnvloed. Die Institusionaliste aanvaar dus Marx se probleemstelling deur ook op die faktore wat vir institusionele omvorming verantwoordelik is, te konsentreer, maar onderskryf nie sy een-sydige materialistiese interpretasie van die geskiedenis en sy voorspelling oor die onafwendbaarheid van 'n proletariese revolusie nie. Ekename soos Chamberlain en Robinson het die onvolmaakte markvorme probeer sistematiseer, terwyl J.M. Clark met sy konsep van doeltreffende mededinging 'n ander interpretasie aan die owerheid se mededingingsbeleid verleen het. Die interventionisme en institusionalisme word deur Galbraith afgerond wanneer hy aantoon dat die owerheid, naas die ander funksies wat dit moet vervul, ook die rol het om as kontrakrag op te tree tussen die ander magskonstellasies wat intussen die uitstaande strukturele kenmerk van die kapitalistiese stelsel geword het.

Die Groot Depressie en die leerstellings van J.M. Keynes het die finale neksalg aan "laissez-faire" toegedien en Intervensionisme tot die heersende ortodoxie verhef. Vóór Keynes het die Neo-klassieke ekename op sterkte van Say se Wet van Markte geglo dat die aanbod altyd sy eie vraag skep (veral ook op die arbeidsmark) en daarom te alle tye na 'n makro-ekonomiese ewig en volle-indiensneming neig. Keynes het die wet van Say verwerp en aangetoon dat die makro-ekonomiese ewig nie soseer in die arbeidsmark bepaal word nie, maar wel deur die totale vraag na konsumpsie en investerings, en dat die peil van dié totale vraag in 'n hoogkapitalistiese land so ontoereikend kan wees dat daar op

die arbeidsmark 'n strukturele onderindienstnemingsewig kan ontstaan.

Hoewel Keynes nie soveel aandag as bv. Marx en Schumpeter aan die evolusie van ekonomiese instellings gegee het nie, het hy benewens die sterk saak wat hy vir Interventionisme en vir 'n nuwe verhouding tussen die private en openbare sektore uitgemaak het, ook begrip getoon vir die noodsaaklikheid van sosiale en institusionele hervorming. So bv. beweer hy dat die groot ongelykhede in die verdeling van inkome en die gevvolglike hoë besparingsneiging moontlik geregtig was in die 19de eeu toe daar nog groot beleggingsgeleenthede bestaan het, maar dat "in contemporary conditions the growth of wealth, so far from being dependent on the abstinence of the rich, as is commonly supposed, is more likely to impede it ... (therefore) one of the chief social justifications of great inequality of wealth is removed".^{8.)} Met die remedie wat Keynes aangebied het vir hoogkapitalistiese lande se (beweerde) strukturele neiging na 'n onderindienstnemingsewig, het hy 'n finale regverdiging gebied vir die opkoms van die stelsel van "gemengde" of interventionistiese kapitalisme.

(e) 'n Pleidooi vir "nuwer vryheid" of vir "gelykheid van vryheid"

Ons oorsig oor die evolusie wat die vryheidsidee in die intellektuele geskiedenis van die Weste ondergaan het en die veeldimensionele inhoud daarvan, sal nie volledig wees sonder 'n verwysing na ekonome wat die vryheid-en gelykheidsidees probeer "integreer" nie. Hierdie pogings is 'n goeie voorbeeld van hoe ekonomeregs van middelpunt besef dat die vryheidsidee in die moderne kapitalisme net bestaansreg het indien daar tegelykertyd en in 'n voldoende mate ook reg geskied aan die gelykheidsidee.

Wallich maak terwille van sy pleidooi van "gelykheid van vryheid"

8.) Keynes, J.M., The General Theory, p. 373.

'n interessante onderskeid tussen "ou" en die "nuwe" vryheid: "Old freedom is a familiar thing. It centres in freedom from arbitrary power, from oppression, from violation of man's rights ... The "new freedom" is the fruit, quite simply, of an environment that takes for granted the blessings it has and broods over those that it lacks ... The old freedom was political : it defined the rights of man before his government. The new freedom branches out into welfare : it seeks to establish the economic rights of man ... The old freedom was mainly a "freedom from". The new freedom is mainly a "freedom to". The old freedom propounded freedom for all men: equality before the law. It was thus compatible with inequality in other respects : inequality of income, inequality of temperament, ability to desire. The new freedom regards men as free in different degrees, according to thier material circumstances and the psychological make-up. Equality of freedom is possible only if we are all alike in our finances, our needs, and our desires."^{q.)}

Die voorstanders van vryheid kon die sosialistiese kritiek teen die ou vryheid nie ignoreer nie. Daarom was dit nodig om 'n twintigste-eeuse of 'n nuwe betekenis aan vryheid te gee. Hierdie nuwe vryheid word nagestreef deur die opkoms van die welsyn-staat-idee. Juis omdat die gelyke juridiese regte van die ou vryheid tot onhoudbare ekonomiese ongelykhede geleid het, was dit die taak van die welsynstaatbeleid om groter ekonomiese gelykheid en veral gelyker ekonomiese geleenthede en "gelykheid van vryheid" vir almal te skep, sodat mense redelik gelyke toegang tot geluk en/of welvaart kan hê. Die welsynstaat-beleid is daarop bereken om met behulp van die nuwe vryheid die ekonomiese regte en vryhede van die totale bevolking so goed as moontlik te beskerm deur die "dwinglandy" van ekonomiese ongelykheid en veral onrusbarende vorme van armoede so goed as moontlik uit die weg te ruim. In afdeling 4 hieronder bespreek ons die opkoms van volksdemokrasie en die rol wat dit gespeel het om aan die werlsynstaatsidee en die konsep van "gelykheid van vryheid" gestalte te gee.

q.) Wallich, H.C., The Cost of Freedom, A New Look at Capitalism, Harper & Brothers, N.Y., 1960, pp. 21-25. Ek kursiveer.

Een van die sterkste moderne kampvegters van die "ou" vryheidsidee is Milton Friedman. Hy is gekant teen herverdelingsmaatreëls en grootskeepse overheidsinmenging omdat ongebonde individuele vryheid volgens hom die enigste waarborg vir doeltreffendheid en volgehoud ekonomiese groei is. Volgens hom is ongelykhede - wat ontstaan wanneer produksiefaktore in ooreenstemming met hulle (grens) produktiwiteit vergoed word - nie alleen bevorderlik vir ekonomiese doeltreffendheid en ondernemerskap nie, maar ook in belang van vryheid en die gelykheid van regte: "The role the inequality plays in providing independent foci of power to offset the centralization of political power, as well as the role that it plays in promoting civil freedom by providing "patrons" to finance the dissemination of unpopular or simply novel ideas, should be noted." Hy beweer dat voorstanders van wat hy die "liberal philosophy" noem, te alle tye te vindé is vir maatreëls wat gelyktydig vryheid en gelykheid bevorder. Hy is egter nie bereid om - soos die egalitariste volgens hom propageer - 'n oordrag van inkome op grond van regverdigheidsoorwegings te ondersteun nie: "At this point equality comes sharply into conflict with freedom: one must choose. One cannot be both an egalitarian in this sense, and a liberal."¹⁰⁾

Met hierdie standpunt het Friedman die debat oor die afruiling tussen doeltreffendheid en regverdigheid aansienlik gekompliseer deur die afruiling wat tussen gelykheid en vryheid gemaak moet word, ook in die spel te bring. Klaarlyklik is hy nie bereid om vryheid ter wille van gelykheid of regverdigheid op te offer nie, en bestaan daar voglens hom nie 'n noemenswaardige afruiling tussen vryheid en doeltreffendheid nie. Wat hom betref, is lg. twee komplemente in 'n vryemarkekonomie. Hy kies dus vryheid en doeltreffendheid bo gelykheid.

In teenstelling tot Friedman, beskou Arthur Okun die afruiling tussen "equality" en "efficiency" as "our biggest socio-economic trade-off (because) it plagues us in dozens of dimensions of social policy. We can't have our cake of market efficiency

¹⁰⁾ Friedman, M., Capitalism and Freedom, 1972, pp. 68 en 75.

and share it equally".¹¹⁾

Terwyl Friedman sy pleidooi vir die vrye mark gedeeltelik baseer op die vryhede wat na bewering deur die markmeganisme beskerm sou word, maak Okun 'n skerp onderskeid tussen wat hy die domein van regte en die domein van die markmeganisme noem, juis ter wille van daardie individuele regte en vryhede wat hy nie aan die "tyranny of the dollar-yardstick" wil onderwerp nie. Daardie dinge wat volgens Okun in die domein van sosiale en politieke regte val, vereis meesal owerheidsoptrede om hulle te beskerm en om toe te sien dat gelykheid geld. 'n Groot mate van gelykheid van hierdie regte kan bewerkstellig word teen 'n relatief lae prys in terme van doeltreffendheid. Maar op die terrein van die markmeganisme en ander ekonomiese instellings, geniet doeltreffendheid voorrang bo gelykheid en kan gelykheid meesal net ten koste van doeltreffendheid (en sekere vorme van vryheid) bekom word. Terwyl Friedman die afwesigheid van owerheidsinmenging as "vryheid" beskou, ag Okun dit noodsaaklik dat die owerheid 'n rol sal speel ter wille van die beskerming van sekere regte en vryhede.

Net soos Ricardo en die Neo-klassieke skool, erken Okun dat produksie en verdeling deur dieselfde "wetmatigheid" bepaal word. Maar anders as Ricardo en die Neo-klassiekes is hy nie bereid om die verdeling wat deur 'n doeltreffende produksieproses "geproduseer" word, as billik en regverdig te aanvaar nie. Op grond van faktore van die invloed wat verskeie faktore op die grensproduktiwiteit ^ (en daarom op die inkome van persone) uitoefen, kom Okun tot die gevolgtrekking dat "incomes that match productivity have no ethical appeal". Ten spyte van al die markmislukkings waaraan die markmeganisme mank gaan, is Okun nogtans van mening dat "the American economy must get a high performance rating". Sy vernaamste beswaar is egter teen die ongelyke verdeling van inkome wat deur die stelsel "geproduseer" word: "the efficiency is bought at the cost of inequalities in income and wealth and in the social status and power that go along with income and

11) Okun, Arthur, Equality and Efficiency - The Big Trade-off, 1975, p. 2.

wealth". Hy is egter van mening dat daar vir hierdie swakheid van die kapitalisme gekompenseer kan word deur omvattende herverdelingsmaatreëls. Hy is bereid om ter wille van groter sosiale regverdigheid 'n sekere mate van doeltreffendheid en ook sekere vorme van vryheid, prys te gee. Hy is van mening dat die volledig "eradication of poverty" binne die vermoë van die ryk lande van die wêreld geleë is. Met hierdie doel voor oë wil hy die oordrag van inkome so ver voer dat diegene met die laagste inkome 'n inkome sal hê wat ten minste gelyk sal wees aan die helfte van die gemiddelde inkome van die betrokke ryk industriële lande.¹²⁾ Okun kan dus as 'n belangrike moderne eksponent van die ideologie van Sosiale Demokrasie in die ryk Westerse lande, beskou word.

3. DIE EVOLUSIE VAN DIE (SOSIALE) GELYKHEIDSIDEE

(a) Vroeë denkers en die gelykheidsidee

Die gelykheidsidee - en die regverdigheid wat daarmee bewerkstellig word - loop ook soos 'n goue draad deur die intellektuele geskiedenis van die Weste. Die feit dat alle gemeenskappe vanaf die Griekse stadstate tot by die Ou Orde van die 18de eeu opvallend hiërargies georganiseer was, skep soms die indruk dat die gelykheidsidee as't ware eers deur die sosialiste van die 19de eeu "ontdek" sou wees. So 'n indruk is nie korrek nie, want die gelykheidsidee het met veel meer te make as die klaslose gemeenskap en die gelyke verdeling van inkome waarvoor die sosialiste hulle beywer het. Net soos vryheid is gelykheid 'n veelduidige en 'n relatiewe begrip wat nie verabsouteer kan word in terme van óf 'n totaal klaslose gemeenskap sonder enige vorm van sosiale stratifikasie óf in terme van 'n totaal gelyke verdeling van inkome en/of eiendom en geleenthede nie. Selfs in 'n hiërargies georganiseerde gemeenskap kan verskillende vorme van gelykheid ter sprake kom, soos die erkenning van almal se gelyke menswaardigheid, gelykheid voor die geregt, redelik gelyke geleenthede en selfs gelyke stemreg.

¹²⁾ Ibid., pp. 47, 51 en 117.

Plato het hom uitdruklik vir 'n hiérargies georganiseerde gemeenskap beywer. In ooreenstemming met sy mensbeskouing waarvolgens mense nie oor gelyke vermoëns beskik nie, pleit hy dat die gemeenskap ter wille van orde, regverdigheid en deugsaamheid op 'n streng hiérargiese wyse georganiseer sal word.

Vir eeue lank is die idee omtrent die wenslikheid van 'n hiérargies georganiseerde gemeenskap (wat weinig geleentheid vir vertikale mobiliteit gebied het), as iets vanselfsprekends aanvaar sonder dat as in stryd met ander aspekte van die gelykheidsidee geag is. Volgens Aristoteles vereis ware geregtigheid dat al daardie dinge wat deel uitmaak van die "goeie" van die gemeenskap (of die sosiale welvaart) in ooreenstemming met die beginsel van proporsionele gelykheid verdeel sal word. Die ideale stand van sake sal verwesenlik wees as elkeen presteer in verhouding met ooreenstemming met sy vermoë (of in die "middelmaat tot homself" resp. en dan in ooreenstemming met sy bydrae produktiwiteit) vergoed word. Diegene wat hulleself oortref en bo hulle vermoë presteer, moet daarvoor beloon word deur 'n vergoeding groter as hulle bydrae en andersom. Die ongelykheid wat spontaan in die verdeling van bv. eiendom sal ontstaan, is volgens hom geoorkloof veral as dit boonop ook bevorderlik is vir personalistiese ontwikkeling en vir die kwaliteit van menswees. Hy is dus bereid om uiterlike vorme van gelykheid op te offer - of om dit in slegs relatiewe terme na te streef - solank die (relatiewe) ongelykheid funksioneel is vir die kulturele ontwikkeling van die gemeenskap.

Thomas van Aquino (1225-1275) was ook ten gunste van ongelykhede in private eiendom solank die bevoorregtes hulle morele en geestelike verantwoordelikheid teenoor die armes nakom. Hy het die hiérargies georganiseerde gemeenskap van die feodale Middeleeue as noodsaaklik vir die organiese eenheid en samehang van die Christelike middeleeuse gemeenskap geag.

Johannes Calvyn (1509-1564) het die gelyktydige bestaan van groot rykdom en groot armoede as 'n ongelukkige verskynsel en as dié simptoorn van 'n toestand van sosiale wanorde geag. Hy het die opdrag vir 'n gelyker verdeling van inkome as deel beskou van die groter Goddelike opdrag om 'n ideale sosiale orde in die ondermaanse wêreld te probeer herstel.

Vir die sosiale en ekonomiese lewe het hy die stelreël neergelê dat daar te alle tye reg en billikheid ("droit et équité") teenoor elkeen sal geld, maar op so 'n wyse dat die essensieel organiese karakter van die gemeenskap nie versteur sal word nie. In ooreenstemming met hierdie beginsels pleit hy dat sowel die vermoë (betaalvermoë) van die rykes as die behoeftes (of die lewensnood) van die armes in ag geneem moet word in 'n spontane herverdeling van inkome om 'n verdeling te bewerkstellig wat 'n ware Christelike gemeenskap waardig sal wees.¹³⁾

Soos reeds hierbo aangetoon, het die Stoïsynse filosowe nie alleen die (natuurlike) regte en vryhede waarop elke (individuele) mens kan aanspraak maak, beklemtoon nie, maar ook die gelyke menswaardigheid van alle mense. Hierdie gelykheid van menswaardigheid of gelykheid van respek waarop elke individu aanspraak maak, moet as een van die belangrikste bestanddele van die Westerse gelykheidsidee beskou word. Dit is by hierdie idee van gelykheid wat die vroeë Christelike skrywers (soos bv. Augustinus) aansluiting gevind het toe die (gelyke) sondigheid van alle mense en hulle (gelyke) afhanklikheid van goddelike genade beklemtoon is. Die natuurregfilosofie vind ook sy inspirasie uit die idee omtrent die gelyke (natuurlike) menswaardigheid van elke mens. Die moderne idee van (gelyke) menseregte is die logiese eindpunt van 'n tradisie wat by die Stoïsye 'n aanvang geneem het.

(b) J.J. Rousseau en 'n versoening tussen gelykheid (moraliteit) en vryheid

Die betekenis wat Jean Jacques Rousseau (1712-1778) aan die gelykheidsidee gegee het, is van besondere belang vir nie alleen die

13) In sy kommentaar op II Korinthiërs, Hoofstuk 8 het hy 'n stelling gemaak wat ooreenkomsde toon met die sosialistiese slagspreuke van die 19de eeu: "God wills that there be proportion and equality among us, that is, each man is to provide for the needy according to the extent of his means, so that no man has too much and no man has too little". Hy was egter nie ten gunste van 'n gelyke verdeling van inkomste nie, maar van 'n proporsionele verdeling wat sterk herinner aan Aristoteles se standpunt.

opkoms van volksdemokrasie nie, maar ook vir die ideologie van Sosiale Demokrasie soos dit in die 20ste eeu verstaan word. Hoewel hy in ooreenstemming met die tydges h sterk kampvegter vir die vryheidsidee was, het hy die gelykheidsidee besonder sterk beklemtoon, deels as h noodsaklike teenvoeter vir die oordrewe kelm wat skrywers soos Locke en die Philosophes aan individuele vryheid (van hoofsaaklik die burgerstand) verleen het, en deels vanweë die hoë verdienstelikheid wat hy aan die gelykheidsidee toegeken het.

Rousseau het homself die tweeledige taak opgelê om die verval van die Westerse beskawing te verklaar en om h geneesmiddel vir die herstel daarvan te vind. Hy aanvaar die primitiewe natuurtoestand as uitgangspunt en verleen h geïdealiseerde betekenis daaraan. Volgens hom was die mens se bestaan in die natuurtoestand gekenmerk deur natuurlike goedheid, vryheid, gelykheid. In hierdie toestand het die mens in vrede en innerlike selfgenoegsaamheid geleef. Die burgerlike gemeenskap (d.w.s. die Westerse beskawing) wat deur h (verwrongs) kontrak tot stand gekom het, het hierdie natuurlike ewewig versteur, ongelykhede in die besit van eiendom meegebring en veroorsaak dat die mens sy rasionele vermoëns en sy verbeeldingskrag vir anti-sosiale doeleinades misbruik. Nadat die swakkes eenmaal hulle toestemming vir die burgerlike gemeenskap gegee het, het die ongelykhede vererger. In die burgerlike gemeenskap word h selfsugtige strewe na individuele rykdom, na politieke mag en eer, status en ydele strots ge-institutioniseer. Die empatie en medelye wat die mens in die natuurtoestand vir sy medemense gehad het, word doodgesmoor. Die Westerse beskawing het korrup geraak en vryheid en gelykheid het verlore gegaan.

In teenstelling met die Verligting, is Rousseau geensins optimisties dat die rede die mens uit hierdie dwingelandy kan bevry nie. In die burgerlike gemeenskap bestaan daar volgens hom geen ware vryheid, geen vrede en geen gelykheid nie en ook geen regverdigheid nie.

Volgens Rousseau kan 'n herstel van die gemeenskap net bewerkstellig word indien die maatskappy geherstruktureer word met die uitdruklike strewe om die vryheid van die individu te versoen met die eise van sosiale orde (d.w.s. met die mag van die staat), om die eie-belang van individue te versoen met die algemene belang die van die gemeenskap, om die doeltreffendheid verbonde aan die stelsel van private eiendom te versoen met die distributiewe gelykheid van individue, en om die rasionele morele oordeel van individue te versoen met die natuurlike (of prerasionele) gevoel van empatie en medelye met die medemens.

Met die eerste oogopslag wil dit lyk asof Rousseau die onmoontlike probeer nastreef wanneer hy pleit vir die versoening van skerp teenstrydige doelstellings. Maar wanneer mens besef dat hy 'n goeie begrip daarvoor gehad het dat hierdie versoening binne die gewenste strukture, nie die betrokke doelstellings in absolute terme nie, maar in relatiewe betekenisse daarvan, moet probeer bewerkstellig, dan word dit duidelik dat hy - waarskynlik in 'n groter mate as enige ander skrywer - 'n 18de eeuse voorloper van die ideologie van Sosiale Demokrasie was.

Rousseau het met sy pleidooi vir 'n volksdemokrasie om die algemene wil (of die kollektiewe bewussyn) te bepaal, 'n prosedure probeer skep waarmee 'n (relatiewe) inhoud aan die botsende doelstellings gegee kon word met behulp waarvan die (skynbaar) onversoenbare doelstellings, onderling versoen, sal word. Om die betekenis van die algemene wil te verduidelik, beweer hy dat die sosiale kontrak (of die demokratiese prosesse) as't ware 'n openbare persoon skep en dat al die deelnemende individue 'n onsigbare deel van hierdie nuutgeskepte morele en kollektiewe liggaam sal word. Slegs in hierdie (kollektiewe) liggaam kan aan sowel die gelykheid as die vryheid van die samestellende individue en groepe in die gemeenskap (relatiewe) betekenisse verleen word wat onderling versoenbaar is en ook die belang van die dele en die geheel in harmonie met mekaar sal bring. Sonder eenstemmigheid oor wat die algemene wil is of behoort te wees, kan nog die (botsende) doelstellings nog die (botsende) belang van individue en groepe in 'n grootse harmonie saamgebind word. Om te bepaal

wat hierdie saambindende algemene wil is, is Rousseau ten gunste van 'n vorm van radikale demokrasie of 't wel, volksdemokrasie.¹⁴⁾

Hoewel die moderne voorstanders van parlementêre en/of konstitusionele demokrasie meesal versigtig is om te beweer dat die stelsel 'n "algemene wil" in Rousseau se sin van die ^{oor}waard bepaal, kan 'n gewenste afruiling tussen doelstellings ter wille van die bevordering van sosiale welvaart, klaarblyklik net bewerkstellig word vir soverre die demokratiese prosesse wel daarin slaag om 'n redelik aanvaarbare konsensus te bereik oor die inhoudelike betekenis en die relatiewe gewig wat aan die betrokke doelstellings verleen moet word. Rousseau was dus 'n belangrike voorloper van nie alleen die ideologie van Sosiale Demokrasie nie, maar ook van die stelsel van konstitusionele demokrasie.

(c) Die Utopiese Sosialisme

Hoewel die sosialistiese skrywers van die 19de eeu - met die groot klem wat hulle op veral ekonomiese gelykheid gelê het - aansluiting by Rousseau gevind het, moet die "ontstaan" van die sosialisme eerder toegeskryf word aan die mislukking van Liberalisme en die oorbeklemtoning van die (individuele) vryheid waaraan dit skuldig was. Die liberale demokrasie en die Laissez-faire kapitalisme was in die begin van die 19de eeu daarop ingestel om die seksonale belang van die opkomende burgerstand te bevorder, ongeag die nadelige gevolge wat dit vir die laere stand ingehou het. Die liberale ideologie van die 18de en 19de eeue het 'n ekonomiese en politieke stelsel gepopageer met die belofte dat as die Ou Orde net afgebreek en deur liberale instellings vervang kan word, dit aanleiding sou gee tot ongekende vooruitgang. Hoewel produksie in die loop van die 19de eeu skerp gestyg het vanweë die industriële revolusie en groter vryhede vir die burgerstand verwesenlik is, is die voordele van ekonomiese groei en vryheid uiter sydig verdeel. Hierdie ongelykheid het die teelaarde vir sosialisme

14) Vgl. Wiser, J.R., Political Philosophy, pp. 250-272. en Nelson, L.R., Western Politican Thought, Prentice-Hall, 1982, nr. 9.

gebied.¹⁵⁾

'Die sosialistiese leerstelling van die 19de eeu het - in skerp teenstelling tot Laissez-faire kapitalisme - die funksionele betekenis wat ekonomiese vryheid na bewering sou hê, bevraagteken, maar op hulle beurt die behoefté aan 'n gelyke verdeling van inkome en geleenthede so oorbeklemtoon dat hulle aan 'n "linkse" ontsporing ten prooi gevval het.'

Die ideologie van sosialisme kan teruggevoer word na Plato en na Thomas More en Francis Bacon (in die 15de en 16de eeu). Al hierdie skrywers het 'n pleidooi gelewer vir groter (sosiale) regverdiging deur 'n bestel wat groter gelykheid en gelykberegtiging aan almal sal bied. Sosialisme het sy ideologiese beslag egter eers aan die begin van die 19de eeu gekry toe 'n groep skrywers wat vandag as die Utopiese Sosialiste bekendstaan, hulle vir ingrypende sosiale en ekonomiese hervorming beywer het en veral baie gekant was teen die groot (ekonomiese) ongelykhede wat, volgens hulle, die noodwendige resultaat van die kapitalistiese ekonomiese en private eiendom was.

Die vernaamste Utopiese Sosialiste was Henri Saint-Simon (1760-1825), Charles Fourier (1772-1837), Robert Owen (1771-1858), Louis Blanc (1811-1882) en P.J. Proudhon (1809-1865). Hoewel daar onderling groot verkille tussen hierdie skrywers bestaan het, het Karl Marx hulle saamgegroepeer as "utopies" omdat hy hulle benadering wou onderskei van sy (beweerde) "wetenskaplike" sosialisme. Volgens Marx is die utopiese element van hulle benadering geleë in die feit dat hulle die kapitalistiese stelsel, ^{deur correding} met 'n sosialistiese een wou vervang. Marx was van mening dat dit 'n onbegonne taak was om die bourgeoisie deur rasionele en/of emosionele argumente tot 'n regverdiger sosiaal-ekonomiese stelsel te probeer oortuig. Volgens hom kan (en sal) slegs die "wetmatigheid" van die

15) Kramnick en Watkins beskryf die opkoms van die sosialisme aan die begin van die 19de eeu soos volg: "Since economic inequality seemed to be the inevitable consequence of free competition, the proponents of equality naturally began to look on the free market itself as the primary obstacle to human welfare ... For the liberals, legal and political inequalities alone had seemed to be the main barrier to self-realization; for the socialists, economic inequalities were the main difficulty. To eliminate market competition, the source of those inequalities, was the essential objective to the socialist movement." Kramnick & Watkins, The Age of Ideology, p. 43. Ek kursiveer.

geskiedenis dit bewerkstellig.

Ten spyte van die kritiek wat Marx teen die Utopiese Sosialiste geopper het, is hy in vele opsigte deur hulle beïnvloed. Al hierdie skrywers het 'n rudimentêre geskiedenisfilosofie gehad waarvolgens die sikhiese verloop van "goeie" en "slegte" periodes in die geskiedenis onderskei kan word. Almal het die ongelykhede en die gebrek aan genoegsame moraliteit aan die begin van die 19de eeu aan 'n "slegte" historiese siklus toegeskryf. Al hierdie skrywers het uitgegaan van die veronderstelling dat die menselike "psige" en sy morele ingesteldheid deur omgewingsfaktore "gevorm" word en dat verbetering van die samelewingsstrukture tot 'n verbetering van die mensestipe kan lei. Hierdie idees neem 'n prominente plek in Marx se leerstellings in.

Die Parysenaar Saint-Simon was van mening dat sowel die Rooms-Katolisisme as die Protestantisme gefaal het om hulle vir 'n maatskaplike bestel te beywer waarin die nodige mate van Christelike regverdigheid vir almal verwesenlik kan word. Hy het die belangrikheid van wetenskaplike, kulturele en industriële vooruitgang goed begryp, maar was baie besorg oor die ongelyke en onregverdige wyse waarop die voor- en nadele daarvan tussen die verskillende klasse verdeel word. Gevolglik beywer hy hom vir 'n soort (sentraal geleide) staat-sosialisme waarin die drie klasse in die gemeenskap - nl. die arbeiders, die industrialiste en die wetenskaplikes - op 'n harmonieuwe wyse sal saamwerk en waarin hulle aktiwiteite mekaar onderling sal komplementeer om nie alleen vooruitgang op alle lewensterreine nie, maar ook Christelike gelykheid en regverdigheid te bewerkstellig. Saint-Simon is in vele opsigte net so 'n interessante figuur soos Rousseau. Hy het 'n versoening probeer bewerkstellig tussen die moderne gees van Verligte Rasionalisme en die moraliteit en broederskap van primitiewe Christelikheid.¹⁶⁾

Saint-Simon het hom nie uitdruklik vir die opheffing van private eiendom beywer nie. 'n Taamlik revolusionêre groep - die Saint-Simoniste - wat rondom hom ontstaan het, het hulle mettertyd vir redelik radikale sosiale hervorming beywer en die bestaan van private eiendom as dié oorsaak van die onaanvaarbare ongelijkhede gebrandmerk. Hierdie groep was besonder invloedryk in Franse

¹⁶⁾ Vgl. Wiser, op.cit., pp. 322-327.

intellektuele kringe.

Die Fransman Charles Fourier en die Skot Robert Owen word ook as die "assosianiste" bestempel omdat hulle ten gunste van die spontane vorming van kleiner "assosiasies" was waarin die menslike natuur "oorgevorm" kan word deur die gewenste milieu om sy volle potensiaal te verwesenlik.

Fourier het uitgegaan van die veronderstelling dat die menslike natuur fundamenteel goed is en dat daar - parallel aan Newton se aantrekkingswet - 'n wet van "gevoelvolle aangetrokkenheid" tussen alle mense bestaan wat doelbewus gekultiveer moet word. Hierdie "gevoelvolle aangetrokkenheid" kan nie in 'n bourgeoisie gemeenskap tot ontplooiing kom nie omdat so 'n gemeenskap "... succeeded only in establishing Relative Poverty, Individual Anxiety, The Reign of All Vices (and) Duplicity of Action".¹⁷⁾ Gevolglik beywer hy hom vir die vrywillige vorming van sg. "phalanges" van sowat 1600 persone (van verskillende persoonlikhede en temperamente) waarin volkome vryheid (ook vrye liefde) en gelykheid (ook tussen mans en vrouens) binne die raamwerk van 'n organiese geheel sal bestaan. Hoewel verskeie sulke "phalanges" gevorm is, het almal klaaglik misluk. Nogtans het sy idees 'n groot invloed op die sosialisme en die streve na vryheid en gelykheid in die loop van die 19de eeu uitgeoefen.

Robert Owen het as jong man die werks- en lewensomstandighede van die arbeiders op 'n tekstielfabriek in New Lamark, Skotland, dramaties verbeter. Dit het tot 'n skerp styging in hulle produktiwiteit geleid en Owen in staat gestel om 'n private fortuin te maak. Dit het hy gebruik in ander eksperimente van "social engineering" in Skotland en in New Harmony, Indiana (VSA). Hoewel lg. pogings misluk het, het hy groot invloed uitgeoefen met sy leerstelling dat dit nie die individu is wat in laaste instansie verantwoordelik is vir die ontwikkeling van sy persoonlikheid nie, maar wel die omgewing waarin hy hom bevind. Volgens hom is die

¹⁷⁾ Aangehaal deur Wiser, op.cit., p. 331.

materialistiese en mededingende karakter van die kapitalisme ... baie nadelig vir die gewenste persoonlikheidsonwikkeling. Sosiale gelykheid en regverdigheid kan volgens hom net bevorder word as kleiner groepe spontaan 'n meer menslike omgewing probeer skep en as die onderwysstelsel doelbewus die nadele van die bourgeoisie-gemeenskap teenwerk.

Louis Blanc was die eerste sosialis wat die belang van die arbeiders (proletariaat) op die voorgrond gestel het en hulle regte onvermoeid verdedig het. Konflik in die samelewing spruit volgens hom voort uit die mededingende stryd waarin die swakkes steeds die slagoffers van die sterkes is. In 'n mededingende stelsel is die ongelyke verdeling geneig om 'n kumulatief te vererger. Gevolglik het hy hom sterk teen enige kompeterende stelsel - waarin 'n "oorlog van almal teen almal" plaasvind - verset.

Die bitter aanvalle teen die private besit van eiendom bereik 'n hoogtepunt by die Franse Sosialis Proudhon (al het hy self 'n fotuin uit eiendomspekulasies gemaak). Volgens hom is alle eiendom noodwendig diefstal. Soos alle sosialiste beweer hy dat slegs arbeid produktief is en bepleit hy die afskaffing van alle eiendom en die oorhandiging van die totale volksinkome aan die arbeiders.

(d) Karl Marx (1818-1883)

Bewewens die Utopiese Sosialiste het Ricardo 'n groot invloed op Marx se ekonomiese leerstellings uitgeoefen. In sy pleidooi vir ongebredelde kapitalisme en individualisme het Ricardo probeer aantoon dat 'n ongelyke verdeling van inkome 'n voorvereiste vir 'n hoë groeikoers en die skepping van die groots moontlike hoeveelheid werkgeleenthede is. Deur middel van sy grondrenteteorie het hy aangetoon dat slegs as lone op 'n minimumvlak vasgepen kan bly, die ondernemers maksimum winste sal maak en daar dan voldoende kapitaalvorming en ekonomiese groei sal plaasvind.

Marx het hom in sy ekonomiese leerstellings nie net teen die kapitalisme verset nie, maar veral ook teen die regverdiging wat

Ricardo - as dié pleitbesorger van die bourgeoisie - vir die ongelyke verdeling van inkome en lone aangevoer het. Hy stem andersyds met Ricardo saam dat kapitalistiese groei as't ware op ongelykheid "teer". Maar andersyds is ekonomiese groei volgens hom nie 'n proses wat mettertyd tot die voordeel van die gemeenskap sal strek (soos Ricardo probeer voorgee het nie), maar is dit 'n "kwaadaardige groeisel" wat tot steeds groter ongelykhede en uitbuiting lei. Die "kwade" behoort volgens hom so tot die wese van kapitalisme dat dit net deur 'n proletariese revolusie uit die weg geruim kan word.

Op grond van sy arbeidswaardeleer beweer Marx dat arbeid die bron van alle waarde, en daarom ook die bron van alle meerwaarde is. Daar bestaan net twee bronne wat verdeel kan word, nl. waarde en meerwaarde. Lone word uit die waarde betaal en profyte uit die meerwaarde. Die prys of ruilwaarde van arbeid word soos die prys van enige goed op die mark bepaal. En net soos alle ander goedere, sal die loon ook bepaal word deur die sosiaal noodsaaklike hoeveelheid arbeidskrag wat nodig is om die arbeider (en sy gesin) as't ware te "reproduseer". Om te verseker dat die aanbod van arbeid steeds groot genoeg sal wees om die loon op hiedie minimumvlak te hou, vervang kapitaliste voortdurende arbeid deur kapitaal. Die gevvolglike masjienwerkloosheid sorg vir die nodige "ooraanbod" van arbeid op die arbeidsmark.¹⁸⁾ Die gebruikswaarde wat die

- 18) Marx verleen 'n strategiese betekenis aan die arbeidsmark. Volgens hom word daar op die arbeidsmark skynbaar net goedere "geruil". Soos in enige ander goederemark, word arbeidskrag - wat as 'n kommoditeit beskou word - teen 'n loon in die vorm van 'n geldbedrag "geruil". Maar in werklikheid vind 'n konfrontasie tussen mens en mens - d.w.s. 'n klassestryd - op die arbeidsmark plaas. Op die arbeidsmark ontmoet die arbeiders as die eienaars van die kommoditeit "arbeidskrag", die kapietaaleienaars (as die eienaars van al die ander produksiemiddelle). Hoewel dit skynbaar 'n "vry" en "gelyke" ontmoeting is omdat al die partye oor gelyke kontraktuele vryheid beskik om 'n transaksie aan te gaan, is die verhouding tussen hulle struktureel (d.w.s. wesentlik) ongelyk - só ongelyk dat dit op (groeiente) uitbuiting neerkom! Die ongelykheid is daarin geleë dat die arbeiders glad nie ander produksiefaktore besit en beheer,^{nie} Hierdie ontmoeting van mens en mens, van klas en klas, van kapitaal en arbeid deur middel van 'n verhouding wat skynbaar 'n goedereverhouding is, maar in werklikheid 'n sosiale verhouding is, word deur Marx as 'n "kommoditeitsfetisjisme" beskryf. Volgens hom gebeur dit net in die kapitalisme dat 'n sosiale verhouding só getransformeer kan word dat dit lyk asof dit 'n doodgewone en onskuldige kommoditeitsverhouding is, maar dit tog nie is nie. Vanweë die transformasie wat op die arbeidsmark plaasvind in die vorm van "kommoditeitsfetisjisme", word die eksplotasie wat in die kapitalisme plaasvind, ver-sluier. Marx wou met sy waardeteorie hierdie eksplotasie ^{ont}masker. Vgl. Desai, M., Marxian Economies, Blackwell Oxford, 1979.

arbeiders vir die kapitaliste het, is egter aansienlik groter as die ruilwaarde waarteen hulle die arbeid in diens neem. Die verskil tussen die gebruiks- en die ruilwaarde van arbeid is die meerwaarde en dit is die surplus wat vir kapitaalvorming (in die vorm van kapitaalverdieping en -modernisering) gebruik word. Dit skep groter masjienwerkloosheid en is bevorderlik vir ekonomiese groei, maar skep geen addisionele meerwaarde nie. Die profytkoers is egter gelyk aan die meerwaarde gedeel deur die totale kapitaal (d.w.s. veranderlike plus vaste kapitaal) en dit sal mettertyd daal. Die kapitaliste sal hierdie daling in hulle profytkoerse met monopolistiese magsvorming probeer teenwerk maar sal tog nie die daling in profytkoerse kan voorkom nie. Terselfdertyd sal die proses van monopolievorming en stygende akkumulasie lone laag hou, meer werkloosheid skep en gereelde konjunkturskommelinge veroorsaak. Die proletariaat sal al hoe groter, al hoe armer en ellendiger word totdat 'n proletariese revolusie onvermydelik tot die omverwerpning van die kapitalisme sal lei.

Marx het vir sy beskouing van die geskiedenis - as 'n proses van opeenvolgende ekonomiese stelsels - swaar op Hegel gesteun. Hy het ook geskiedenis as 'n omvattende organiese proses van transformasie en ontwikkeling beskou en dit die sentrale tema van sy model gemaak. Die onderliggende dryfkrag van hierdie grootse evolusionêre proses wat die totale geskiedenis van die mensheid omvat, is volgens hom in die ekonomiese aspek van die lewe geleë en wel in die steeds veranderende produksietegnieke en die daarvanne samehangende sosiale produksieverhoudinge. Die mens is 'n sosiale produsent van sy lewensoronderhoud. Dit impliseer sekere sosiale verhoudings. Die aard en kwaliteit van hierdie verhoudings word bepaal deur die peil waartoe die tegnologie en die daarvanne samehangende produktiewe kragte ontwikkel. Hierdie tegnologies bepaalde produksieverhoudings vorm die sg. ekonomiese struktuur van die gemeenskap. Dit is die onderbou waarop die bobou of superstruktuur gebaseer is en wat al die politieke en juridiese instellings en alle idees en denkwyses insluit.

Die noodwendige oorgang vanaf een stadia of "stelsel" vind volgens Marx op 'n redelik evolusionêre wyse plaas. Maar tydens die kapitalisme verkry die uitbuitende klas, (die kapitaliste) so 'n sterk magsposisie vanweë die produksiekapasiteit van die industrialisme

en word hulle mag só deur die politieke stelsel en die ideologie van die burgerstandbeskawing ondersteun, dat die kapitaliste nie vrywillig, en ook nie deur correding, van hulle magsposisie afstand sal doen nie. Daarom sal die kapitalisme deur 'n vyandige proletariaat uit die weg geruim moet word. Die besondere mentaliteit of klassebewussyn, wat as gevolg van kapitalistiese uitbuiting by die proletariaat ingeskryf word, vorm 'n belangrike skakel in Marx se teorie omtrent die onvermydelikheid van 'n proletariese revolusie.

Hierdie klassebewussyn wat deur uitbuiting op die arbeidsmark by die proletariaat ingeskryf word, is ook van deurslaggewende belang vir die klasselose gemeenskap wat volgens Marx ná die revolusie uit die puinhoop van kapitalisme sou ontstaan. Vanweë die uitbuiting sal die proletariaat 'n verterende haat ontwikkel vir alles wat individualisties, bourgeois, materialisties en kapitalisties is. Die keersy van hierdie haat is volgens hom juis 'n gevoel van solidariteit met die res van die proletariaat. Sodra die klassebewussyn diep genoeg ingeskryf geraak het, sal die proletariaat gereed wees vir 'n ware sosialistiese bestel waarin daar geen klasse en klassebelang sal bestaan nie. Dan sal daar ook so 'n gelykheid van (proletariese) belange wees dat die spanning tussen partikuliere en algemene belange (wat hy as 'n tipies kapitalistiese spanning voorgehou het) volledig sal verdwyn. Danksy die metamorfose wat die mens tydens en vanweë die kapitalistiese uitbuiting ondergaan, sal 'n klasselose gemeenskap geskep word waarin volkome gelykheid en vryheid vir almal gerealiseer sal word. Die kommunistiese beskawing wat Marx vir die post-revolusionêre tydvak in die vooruitsig gestel het, was bedoel om nie alleen die "uiteindelike" stelsel te wees nie, maar ook 'n "ideale" (en selfs 'n utopiese) een. Marx was in sy (post-revolusionêre) mensbeskouing selfs meer utopies as die Utopiese Sosialiste!

Die proletariese revolusie wat Marx vir hoogkapitalistiese lande voorspel het, het nog nie in enige sodanige land plaasgevind nie. Hy het opvallend nie rekening gehou met die opkoms van die vakbondwese en parlementêre demokrasie en die rol wat albei sou speel in die opkoms van welsynstaatkapitalisme nie. Die sukses wat konstitusionele demokrasie (en die ideologie van Sosiale Demokrasie)

mettertyd in Westerse lande sou behaal, het die proletariese revolusie in hierdie lande oorbodig gemaak. Gevolglik is Marx nie meer relevant vir die Westerse lande nie.

Die revolusie wat wel in die naam van Marx in sekere lande plaasgevind het (en sg. "kommunistiese" regimes geskep het), het óf deur middel van militêre staatsgrepe (volgens die formule van Lenin) óf deur buitelandse militêre oornames tot stand gekom. Al hierdie "staatsgrepe" het plaasgevind in lande wat hulle nog in die pynlike oorgang na 'n hoog-geïndustrialiseerde ^{ekonomiese} bevind het. Sedertdien word hierdie regimes in stand gehou deur militêre diktature en sentraal-geleide ekonomiese. Die bestaande "kommunistiese" stelsels staan in skrille teenstelling met die (utopiese) kommunisme van Marx en is natuurlik alles behalwe (ware) kommunistiese stelsels.

(e) Die Revisioniste en die opkoms van Demokratiese Sosialisme

Gedurende die laaste kwart van die 19de eeu het daar tussen die ideologiese strominge in Westese lande 'n groot polarisasie ontstaan wat klaarblyklik onoorbrugbaar was. Die tradisionele Liberaliste en die Neo-klassieke ekonome - wat in die laaste derde van die 19de eeu vir 'n herformulering van die Ricardiaanse ekonomie verantwoordelik was - het 'n verregse posisie op die ideologiese spektrum ingeneem. Hulle was oortuig dat vrye, private besit van eiendom, mededingende markte en 'n minimum van staatsinmenging die enigste formule is vir (individuele) vryheid, doeltreffendheid en volgehoue vooruitgang. Dit is nogal betekenisvol dat die Neo-klassieke ekonomie aanvanklik nie eers kennis geneem het van Marx se meedoënlose kritiek teen kapitalisme en die stelsel se inherente neiging na groeiende ongelykheid nie. Hulle was van mening dat die ongelykhede die gevolg ^{is} van verskille in die (grens) produktiwiteit van die produksiefaktore en daarom geoorloof en billik is. (Oor die redes vir die verskil in die besit van vermoëns en eiendom wat die verskil in verdienvermoë bepaal, het die Neo-klassieke ekonomie hulle nie verantwoord nie).

Met hulle aanvaarding van Marx se teorie omtrent die onvermydelikheid van 'n proletariese revolusie het die ortodokse Marxiste hulle op

'n verlinkse posisie op die ideologiese spektrum geplaas. Enige gesprek en/of samewerking tussen Marxiste (met hulle revolusionêre oortuiging) en Neo-klassieke ekonome en bourgeoisie regerings (met hulle selfversekerde optimisme) is deur die ortodokse Marxiste nie alleen as onmoontlik geag nie, maar ook as "kollaborasie" met die "vyand" veroordeel.

Kort ná die dood van Friedrich Engels (1820-1895) het 'n groep Marxiste die dogmatiese standpunt van die ortodokse Marxisme omtrent die onvermydelikheid van 'n proletariese revolusie prysgegee ten gunste van 'n geleidelike endemokratiese oorgang na sosialisme. Hierdie skrywers staan populêrweg bekend as die Revisioniste, maar dit is waarskynlik meer korrek om hulle as Demokratiese Sosialiste te bestempel. Die Revisioniste het 'n posisie op die ideologiese spektrum "regs" van die ortodokse Marxisme en nader aan middelpunt - maar weliswaar nog links van middelpunt - ingeneem.

Soos ons reeds hierbo aangetoon het, het verskeie voorstanders van kapitalisme hulle vir groter staatsinmenging beywer hoofsaaklik om 'n enigsins gelyker verdeling van inkomme te bewerkstellig en om aan kapitalisme 'n meer humane gesig te verleen. Hierdie sg. Interventioniste het op hulle beurt 'n plek op die ideologiese spektrum ingeneem wat "links" van die Neo-klassieke skool en die tradisionele Liberaliste was en nader aan middelpunt maar weliswaar nog regs van middelpunt. Die gesprek en samewerking wat mettertyd (en veral ná die Eerste Wêreldoorlog) tussen die Revisioniste en die Interventioniste plaasgevind het, was 'n noodsaklike voorspel vir die opkoms van die Sosiale Demokrasie as 20ste eeuse ideologie.

'n Denkstroming wat nie sonder meer as links of regs van "middelpunt" geklassifiseer kan word nie, maar tog ook besonder belangrik in die wordingsgeskiedenis van Sosiale Demokrasie, is die Politieke Katolisme soos dit in die laaste kwart van die 19de eeu onder invloed van Pous Leo XIII ontwikkel het.¹⁹⁾

19) Die Rooms Katolieke Kerk het vir eeu lank 'n konserwatiewe alliansie met die grondaristokrasie gehandhaaf. Ná die Franse Revolusie het die Kerk hom weer met die opkomende burgerstand vereenselwig en weinig simpatie getoon met die sorgwekkende lewensomstandighede van die laere stand in die vroeë fases van industrialisme. Tydens die Franse-Pruisiese oorlog is die pro-Katolieke bewind van Napoleon III omvergewerp en deur die Derde Republiek vervang wat anti-kerklik was. Die Protestantse Duitse Ryk was uiteraard ook nie simpatiek teenoor die Kerk nie. Onder omstandighede waar geeneen van die groot moondhede pro-Katolieke was nie, het Leo XIII in 1878 Pous geword en dit tot in 1908 gebly.

ensikliek

Leo XIII het in 1891 sy Rerum Novarum uitgereik as die eerste van 'n reeks verklarings waarin die Kerk sy standpunt ten opsigte van die sosiale en ekonomiese probleme van 'n moderne, geindustrialiseerde gemeenskap uiteengesit het. Hierin is die groot ongelykhede in die kapitalistiese lande en die selfsug waarop die stelsel berus aan skerp kritiek onderwerp en as onversoenbaar met Christelike moraliteit veroordeel. Sonder om vir die opheffing van private eiendom te pleit, het Leo voorgestel dat werknemers en werkgewers onder die toesig van die Katolieke Kerk hulle gesamentlik vir 'n meer humane en Christelike sosio-ekonomiese bestel moet beywer. Hy was ook sterk ten gunste van Katolieke vakbonde en politieke partye wat hulle op 'n konstitusionele wyse vir die nodige sosiale herverming moet beywer. Sodanige vakbonde en partye het dan ook in alle Katolieke lande tot stand gekom en 'n belangrike rol in die opkoms van welsynstaatkapitalisme gespeel. Bismarck se aanvaarding van die welsynstaatbeleid in 1888 het waarskynlik nie sonder Katolieke beïnvloeding gebeur nie. Hoewel die Politieke Katolisisme en die Christelike Demokrasie van Leo XIII nie 'n deel van die Revisionisme uitgemaak het nie, het dit 'n positiewe invloed daarop uitgeoefen.

Gedurende die laaste derde van die 19de eeu het die groot Westerse lande 'n redelik hoë ekonomiese groeikoers ondervind. 'n Deel van die groter rykdom het ook die laere stand bevoordeel. Die ergste ellende in die krotbuurties van die industriële stede is uit die weg geruim, terwyl die reële lone van die arbeiders geleidelik gestyg het. Terselfdertyd het die vakbondbeweging gegroei en 'n heilsame invloed begin uitoefen. Danksy parlementêre hervorming waarvan die Britse hervormingswette van 1867 en 1884 die beste voorbeeld was - het die getal stemgeregtigdes aansienlik vermeerder. In 1888 het Bismarck met 'n welsynstaatbeleid 'n aanvang gemaak om die lewensomstandighede van die breë arbeidsmassa te verbeter. Vanweë hierdie ekonomiese en konstitusionele gebeure het Marxiste soos Eduard Bernstein, Michail Tugan-Baranovksy, Karl Kautsky en Jean Jaures en die Fabian Society twyfel oor die noodsaaklikheid van 'n anti-kapitalistiese revolusie begin koester en hulle openlik vir 'n geleidelike, demokratiese en konstitusionele oorgang na

sosialisme beywer.²⁰⁾ Hierdie "revisionistiese" standpunt is ten sterkste veroordeel deur die ortodokse Marxiste.

Die Revisionistiese "afwyking" moet ook gesien word as die resultaat van 'n swakheid inherent aan die Marxistiese ideologie. Hierdie ideologie het aanvanklik die verbeelding van intellektueles beetgepak omdat dit 'n eenmalige en 'n finale oplossing vir die onreg van die kapitalisme aangebied het en boonop die (onuitgesproke) belofte gemaak dat die revolusie as't ware binne enkele jare sou plaasvind. Toe hierdie beloftes nie in die verwagte tyd vervul is nie, was die ontnugtering groot en 'n "hersiening" van Marx se enigsins simplistiese scenario onvermydelik. Marxisme as 'n ideologie het gefaal omdat dit te veel te gou belowe het.

Eduard Bernstein (1850-1932) was 'n vertroueling van Engels en het hom aanvanklik ten sterkste vir 'n proletariese revolusie beywer. Aan die einde van die vorige eeu het hy tot die gevolgtrekking gekom dat ekonomiese en politieke gebeure besig was om die skerp klassebotsing tussen die kapitaliste en die proletariaat te versag terwyl die herhaalde konjunktuurkrisisse besig was om minder ernstig en ontwrigtend te word. Sy pleidooi vir 'n revisionistiese benadering word steeds as een van die opspraakwekkendste gebeure in die omstrede geskiedenis van die Marxisme beskou.

Karl Kautsky (1854-1938) was eweneens 'n prominente ortodokse Marxis. Aan die begin van die eeu was hy vir 'n meedoënlose aanval op Bernstein verantwoordelik. Maar teen die middel van die twintigerjare het hy ook sy standpunt na dié van die Revisionisme verander.

'n Groep Engelse sosialiste wat hulle reeds in 1882 in die sg.

20.) Kramnick en Watkins som dié aanleidende faktore vir die revisionistiese "afwyking" soos volg op: "Marx had concluded that the economic power of the capitalists was growing steadily weaker, but that their political power would remain intact until it was finally overthrown by a proletarian revolution. As things turn out (in the last decades of the 19th century) it was the political power of the capitalists that tended to decline while the position in the economy remained unshaken." Ibid., p. 67.

Fabian Society georganiseer het, het hulle ook vir 'n nie-revolutionêre oorgang na die sosialisme beywer. Hulle het hulle naam ontleen van die Romeinse generaal Fabius wat met sy "wag en sien" taktiek geleidelik Hanibal se offensief tydens 'n Puniese oorlog ondermy het om aan die Romeine die oorwinning te besorg. Die vernaamste lede van hierdie Society was Sidney Webb (1859-1947), sy vrou Beatrice (1858-1943) en George Bernard Shaw (1856-1950). Hierdie Society het sy vertroue in die stryd teen kapitalisme op drie dinge geplaas, nl. tyd (wat beteken dat sosialisme geleidelik tot stand sou kom), opvoeding (wat beteken dat veral die elite deur opvoeding oortuig moet word dat sosialisme en die groter gelykheid wat dit sal bewerkstellig uit 'n morele en 'n ekonomiese oogpunt verhewe is bo kapitalisme) en politieke optrede (d.w.s. dit moet op 'n demokratiese wyse deur parlementêre besluite tot stand gebring word).²¹⁾

(f) Die geleidelike "hersiening" van Demokratiese Sosialisme

Op die vooraand van die Eerste Wêreldoorlog het die aanvanklike ondersteuners van die Marxistiese ideologie hulle in twee kampe bevind, nl. die ortodokse Marxiste en die Revisioniste. Die ortodokse Marxiste het gehoop dat die sosialistiese partye en die vakbonde in die verskillende Europese lande sou verenig sodra 'n oorlog uitbreek en dat so 'n lamlegging van 'n nasionalistiese oorlog die geleentheid tot 'n proletariese revolusie sou bied. Toe die oorlog in 1914 uitbreek, het die sosialistiese party hulle egter heelhartig met die verklaarde oorlog van hulle onderskeie regerings vereenselwig. Die feit dat die eeu-oue militaristiese nasionalisme en die emosies wat daardeur opgewek is, geblyk het veel sterker te wees as die (vermeende) proletariese solidariteit (wat oor nasionale grense gestek het), het 'n keerpunt in die verhouding tussen die Revisionisme en die Marxisme-Leninisme bewerkstellig. Die gebrek aan proletariese solidariteit in 1914 het aan die Marxisme-Leninisme 'n groot terugslag in Wes-Europa besorg en in effek op 'n groter oorwinning vir die Revisionisme neergekom. Ná die Eerste Wêreldoorlog sou die Demokratiese Sosialisme (of Revisionisme) heelwat groter aansien in die meeste Wes-Europese lande geniet.

21.) Vgl. Macridis, op.cit., p. 54.

Terwyl die begin van die Eerste Wêreldoorlog 'n groot terugslag vir die Marxisme-Leninisme in Wes-Europa bewerkstellig het, was die beeindiging van die oorlog in Oos-Europa - ironies genoeg - 'n groot oorwinning vir die Marxisme-Leninisme. In 1917 het Lenin met behulp van 'n klein revolusionêre party - wat hulleself as "the vanguard of the proletariat" voorgehou het - daarin geslaag het om in 'n staatsgreep die Tsàristiese bestel finaal omver te werp. Ná die Eerste Wêreldoorlog het die Demokratiese Sosialisme 'n belangrike ideologiese stroming in Westerse lande geword, terwyl die Marxisme-Leninisme die amptelike ideologie van Sowjet-Rusland geword het. Ná die Tweede Wêreldoorlog het dit ook die amptelike ideologie van verskeie Oos-Europese lande geword.

Die Duitse Sosiaal-Demokratiese Party, die Britse Arbeiders Party en die Franse Sosialistiese Party was na die Eerste Wêreldoorlog almal ondersteuners van die Revisionisme en as sodanig voorstanders van Demokratiese Sosialisme. Gedurende die onstabiele tussenoorlogse tydperk het al hierdie partye vir kort tydperke in hulle onderskeie lande regeer sonder om veel sukses te behaal. Maar dit was eers ná die Tweede Wêreldoorlog dat hierdie partye met gereelde tussenposes - en ook in koalisie met "regse" partye - vir langer tydperke aan die bewind was. Die verantwoordelikheid van die regering, die hoë ekonomiese groeikoers wat toe behaal is en die sukses van welsynstaatmaatreëls, het meegebring dat al hierdie sosialistiese partye hulle ideologiese standpunte geleidelik na "regs" verskuif het en gaandeweg 'n betekenisvolle metamorfose ondergaan het waardeur ^{hulle} Demokratiese Sosialisme óf prysgegee het óf baie afgewater het.

Gregory Grossman som die metamorfose wat die sosialistiese partye ná die Tweede Wêreldoorlog in Westerse lande ondergaan het, soos volg op: "During the two fateful decades (between the wars) the European Social Democratic (S.D.) parties were still overwhelmingly proletarian in their class-consciousness, voting strength, and policy orientation ... Their basic commitment to Marxism (albeit to the revisionist version) was still very strong. Working-class solidarity and the fundamental conflict with Capitalism were the two pillars of their political programs, which of course aimed

at the eventual establishment of socialism by democratic means ... After the Second World War ... a distinctly new situation ... lead (them) to major ideological and programmatic rethink and revising. Within each country, the chief elements in the new situation were the economic success of capitalism (or at least of a mixed economy) and major shifts in social structure. Thus, economic growth has been very rapid in many advanced countries ... and economic fluctuations and unemployment have been minimal. The share of white-collar employment in total employment increased rapidly, and even the blue-collar labor force, thanks to rising incomes, increasingly tended to absorb middleclass aspirations ... (The) ... socio-economic trends rendered Marxist analysis of capitalism and Marxist attitudes increasingly irrelevant. On the other hand, even conservative governments went in for extensive sosial welfare programs (and) ... thus taking some of the wind out of the socialist sails."

"The greatest policy changes has been the virtual abandonment of opposition to private property per se and of the goal of nationalization. This came about through a greater awareness of the danger of perverting socialist ideals through the excessive bureaucratization and enhancement of governmental power that may follow nationalization ... The new S.D. position ... became private ownership as a rule, public ownership only where necessary and maximum reliance on the market economy, the latter, to be sure, suplemented by conscious steering and planning and by extensive welfare measures."²²⁾

Soos ons in die volgende afdeling sal aantoon, het die laere stand ná die Eerste Wêreldoorlog politieke bedinging bekom, wat hulle mettertyd suksesvol vir die verbetering van hierdie stand se sosio-ekonomiese posisie aangewend het. Dit sal dan duidelik blyk dat die geleenthede wat konstitusionele (volks)demokrasie sedert die Eerste Wêreldoorlog aan die laere stand bied, 'n belangrike rol gespeel het in die "hersiening" van die Demokratiese Sosialisme deur politieke partye links van middelpunt.

Die ortodokse Marxiste het na die groot terugslag wat hulle in

²²⁾Grossman, G., Economic Systems, Perntice-Hall, N.J., 1974, pp. 52-54. Ek kursiveer.

1914 in Westerse lande ondervind het, steeds gepoog om hulle invloedsfeer in Westerse lande te vergroot. Die sukses wat die Revisioniste behaal het en die opkoms van die welsynstaatbeleid het die posisie van die laere stand (of die sg. proletariaat) so betekenisvol verbeter dat dit ^{toe beslis} veral sedert die vyftigerjare duidelik geword het dat die laere stand nie meer as 'n potensiële revolusionêre proletariaat beskou kan word ^{Aangesien sowel Lenin as die Revisioniste} ^{nie.} ^{die nie-revolusionêre karakter van die werkstand} ^A reeds vroeg in die eeu besef het, kon die ortodoxe Marxiste dit mettertyd nie meer ignoreer nie. Onder hierdie omstandighede het die New Left in die sestigerjare na vore getree. Dit neem 'n posisie op die ideologiese spektrum tussen die Marxisme-Leninisme en die Revisioniste (of Demokratiese Sosialiste) in.

Die New Left stem saam met die Marxiste dat die kwade wat tot die wese van die kapitalisme behoort, nie deur middel van sosiale hervorming uit die weg geruim kan word nie. Volgens die New Left moet die kapitalisme omvorm (getransformeer) word tot 'n algeheel nuwe sosiale stelsel. Maar aangesien die werkerstand nie meer as revolusionêre stormtroepe gebruik kan word nie en moeilik daartoe "opgevoed" kan word, moet die intellektueles - wat van die radikale omvorming oortuig is - alle vorme van ontevredenheid en ontnugtering deur effektiewe propaganda probeer mobiliseer vir verskillende vorme van revolusionêre optrede. Die poging van die New Left om studente aan die einde van die sestigerjare vir 'n revolusionêre aksie te mobiliseer, het egter misluk.

Volledigheidshalwe is dit belangrik om te besef dat daar in Westerse lande in die afgelope 50 jaar 'n belangrike polarisering op die ideologiese spektrum links van middelpunt plaasgevind het. Terwyl die belangrike "hersiening" wat die Demokratiese Sosialisme (veral ná die Tweede Wêreldoorlog) ondergaan het, 'n beweging nader aan middelpunt verteenwoordig, het die "opkoms" van die New Left 'n beweging nader aan die radikale standpunt van die Marxisme-Leninisme verteenwoordig. Hoewel die "hersiening" van die Demokratiese Sosialisme ongetwyfeld die sterkste van al hierdie "linkse" strominge is, is dit belangrik om rekening te hou met die groot "vloeibaarheid" wat steeds links van die ideologiese middelpunt bestaan.

'N
POLITIEKE DEMOKRATISERING EN DIE ONTSTAAN VAN KONSTITUSIONELE
(VOLKS)DEMOKRASIE

a) Parlementêre ontwikkeling en fiskale beheer tot aan die einde van die 19de eeu
 Die opkoms van Sošiale Demokrasie as ideologie van Westerse lande in die 20ste eeu is ten nouste verbind met die geleidelike instytusionalisering van parlementêre demokrasie in hierdie lande.

Demokrasie word populêrweg gedefinieer as 'n regering vir die gemeenskap deur die gemeenskap. Hierdie gemeenskap was aanvanklik die Griekse stadstate (polis) - waar direkte verteenwoordiging moontlik was - maar tans is die gemeenskap die (volwasse) kieserskorps van 'n nasionale staat wat deur middel van verkiesings verteenwoordigers aanwys wat volmag verkry om namens hulle in 'n parlement wetgewing te debateer en dit goed te keur.

Die moderne vorm van parlementêre demokrasie het gedurende die bewind van die Engelse koning Eduard I (1272-1307) ontstaan as 'n metode waarvolgens die koning die gesamentlike en gelyktydige goedkeuring van adelikes, stedelinge en geestelikeskon ^{23.)} kry vir sy fiskale programme. In die parlementêre ontwikkeling wat gedurende die afgelope sewehonderd jaar op 'n baie oneweredige wyse in Westerse lande plaasgevind het, is twee aangeleenthede vir ons van besondere belang: eerstens die toenemende verantwoordelikheid wat die parlement vir staatsfinansiële, ekonomiese en welvaarts-aangeleenthede aanvaar het en, tweedens, die geleidelike verruiming van die kieserskorps deur 'n proses van politieke demokratisering totdat alle volwasse persone stemreg in die volksdemokratiese stelsel van Westerse lande verkry het.

Dit is betekenisvol dat Eduard I die parlement oor 'n staatsfinansiële (fiskale) aangeleentheid byeengeroep het. In die eeuelange parlementêre ontwikkeling wat sedertdien plaasgevind het, het die parlement in Westerse lande geleidelik al hoe groter verantwoordelikheid vir fiskale, ekonomiese en welvaarts-aangeleenthede aanvaar

en het die begroting die belangrikste stuk wetgewing geword wat jaarliks deur die parlement in al die betrokke lande goedgekeur moet word. 'n Mens sou dit plasties kon uitdruk deur te beweer dat die parlement die spelruimte van politici geword het waar hulle 'n (fiskale) spel met ander mense se geld speel. Die kuns van hierdie spel is hoe om ander mense se geld (deur belastings en lenings) te bekom en hoe om dit op verskillende programme te bestee met die bedoeling om die belang van die gemeenskap te dien en te bevorder. Deur middel van verkiesings verkry die kieserskorps (indirek) 'n inspraak in die wyse waarop hiedie fiskale spel gespeel word.

Indien ons Engeland as voorbeeld neem, dan blyk dit dat die (effektiewe) beheer wat die parlement in die eerste vierhonderd jaar (van 1295 tot 1689) oor fiskale aangeleenthede uitgeoefen het, baie beperk en wisselvallig was. Die konings het - nie alleen in Engeland nie, maar eweneens op die Kontinent - die parlement se fiskale beheer op allerhande maniere omseil, bv. deur die parlement nie byeen te roep nie (soos in Frankryk van 1614 tot 1789 en soos die Stuart konings probeer doen het), deur staatsuitgawes op twyfelagtige wyse te finansier (bv. deur die verkoop van adellike titels en deur die omsmelting van die geldeenheid) en deurdat 'n nuwe koning dikwels die lenings wat sy voorganger aangegaan het, eenvouding gerepudieer het. Danksy die Glorieryke Revolusie van 1689 het die Britse parlement volledig en deurlopende fiskale verantwoordelikhede aanvaar. Dit het besonder funksioneel vir die ontwikkeling van verskeie ander fiskale en/of finansiële instellings in Engeland geblyk te wees.²⁴⁾ Gedurende die 18de en 19de eeu was die Britse parlement besonder konserwatief en is owerheidsbesteding op 'n baie laevlak gehandhaaf. Dit het net in oorlogstye

²⁴⁾In Direkte gevolg van die parlement se aanvaarding van fiskale verantwoordelikheid in Engeland was die ontstaan van die Bank van Engeland (1694), die bestendiging van staatskuld, die ontwikkeling van aandeelmaatskappye en beursbedrywigheide (vanaf 1725 moes die parlement alle nuwe maatskappye goedkeur), die ontwikkeling van papiergeeld en die ontwikkeling van sekere belastingpraktyke. Die ontstaan en ontwikkeling van hierdie moderne fiskale en finansiële instellings - wat direk verband gehou het met die parlement se aanvaarding van deurlopende fiskale verantwoordelikheid - was 'n belangrike rede vir Engeland se opkoms as kommersiële en koloniale grootmoondheid in die 18de en 19de eeu.

merkbaar gestyg. Nogtans het die parlement in hierdie twee eeue baie wette aangeneem om allerhande magte en voorregte aan die Merkantilistiese handelaars en aan die grondeienaars (Gentry) te bied. Dit was egter nie voor die einde van die 19de eeu - maar eintlik eers ná die Eerste Wêreldoorlog - dat staatsuitgawes in Engeland (én in ander Westerse lande) in vredestyd skerp begin toeneem het ter wille van welsynsprogramme vir die opheffing van die laere stand. Hierdie ontwikkeling hang enersyds saam met die toename in die belastingkapasiteit en belastingmetodes (danksy volgehoue industriële en tegnologiese ontwikkeling), en andersyds met die proses van politieke demokratisering.

Engeland het 'n parlementêre en/of konstitusionele monargie geword na die afsetting van die laaste Stuart koning (Jakobus II) in 1689. Die stemreg was baie beperk en het aan die Gentry vir 150 jaar lank (vanaf 1689 tot 1832) beheer oor die parlement gebied. In hierdie tyd het die Gentry die parlement (wat tereg "the club of landlords" genoem is) op 'n ruwe wyse misbruik om hulle seksionele belangte bevorder. Dit het dikwels gebeur op 'n wyse wat tot die nadeel van die gemeenskap as geheel gestrek het. Die beste voorbeeld hiervan was die berugte Omheinings- en Koningwette. Deur middel van 'n reeks hervormingswette is die parlementêre stemreg geleidelik in Engeland gedemokratiseer.²⁵⁾ Soorteglyke stemreg-hervorming het vanaf die einde van die 18de eeu (danksy die Amerikaanse Vryheidsoorlog, die Franse Revolusie en die Napoleontiese oorloë) ook in ander Westerse lande plaasgevind, sonder dat 'n effektiewe volksdemokrasie in enigeen van hierdie lande tot stand gebring is voor die Eerste Wêreldoorlog. Lijphart beweer dan ook tereg dat "democracy is a recent and rare phenomenon". Hy stel dit onomwonne :: "Not a single democratic government can be found in the nineteenth century, and it was not until the first decade(s) of the twentieth century that ... fully democratic regimes with firm popular control of governmental institutions and universal adult suffrage was established."²⁶⁾

²⁵⁾Die Reform Act van 1832 het die stemreg in Engeland ongeveer verdubbel tot 18 persent van alle volwasse mans en toe het slegs een uit elke 32 Britte stemreg gehad. Die Representation of the Peoples Act van 1867 het stemreg na 36 persent van alle volwasse mans uitgebrei. Volle stemreg aan alle volwasse mans is eers in 1918 toegestaan en aan alle volwasse vrouens in 1928.

²⁶⁾Lijphart, A., Democracies, Patterns of Majoritarian Government in Twenty-one Countries, Yale Univ. Press, p. 36.

Die stemreghervorming wat aan die einde van die 18de en begin 19de eeu in Westerse lande plaasgevind het, het in effek beteken dat die parlementêre beheer vanaf die grondaristokrasie oorgegaan het in die hande van die opkomende burgerstand. Die burgerstand-demokrasie van die 19de eeu was 'n ruimer, maar tog nog 'n beperkte, vorm van demokrasie. Rondom die Eerste Wêreldoorlog is die proses van politieke demokratisering in Westerse lande voltooi en kry ware volks-demokrasie sy beslag.

Die burgerstand-demokrasie van die 19de eeu het volhard met 'n redelik konserwatiewe fiskale beleid. Hierdie vorm van demokrasie het egter baie van die voorregte wat die grondhere en die handelaars in die 17de en 18de eeu verwerf het, afgeskaf en meesal 'n beleid van Laissez-faire gevolg omdat dit in belang van die opkomende (industriële) burgerstand geag is. Nogtans het die burgerstand-beheerde parlemente hulle op allerhande maniere met die ekonomie bemoei en was hulle veral betrokke by infrastrukturele ontwikkeling wat noodsaaklik vir voortgesette industriële ontwikkeling geag is. ²⁷⁾

(b) Politieke en ekonomiese demokratisering in die twintigste eeu.

Vanaf die einde van die 19de eeu is 'n baie betekenisvolle en 'n positiewe wisselwerking waarneembaar tussen (a) die groei van owerheidsbesteding (op veral welsynsprogramme), (b) die proses van politieke demokratisering en (c) die ekonomiese groei en tegnologiese ontwikkeling (en die daarmee samehangende groei van die belastingkapasiteit) en die belastingpraktyke van Westerse lande. Die onderlinge samehang van hierdie drie tendense was van deurslaggewende belang vir die opkoms van Sosiale Demokrasie as die ideologie van die Westerse lande in die 20ste eeu.

²⁷⁾Die groot industriële ontwikkeling wat Duitsland en die VSA in die 2de helfte van die 19de eeu ondervind het, is in 'n belangrike mate te danke aan die groot infrastrukturele ontwikkeling wat deur die Duitse parlement (net voor en ook ná die Unifikasie van 1871) goedgekeur is en aan die groot spoorwegontwikkeling wat ná die Burgeroorlog swaar gesubsidieer is deur die Amerikaanse Kongres.

Die welsynstaatsbeleid het in die tagtigerjare van die vorige eeu in Duitsland 'n aanvang geneem. Maar dit was eers ná die Eerste Wêreldoorlog dat welsynsbestedings betekenisvol toegneem het in Wes-Europese lande, terwyl die welsynstaatbeleid in die VSA eers met Roosevelt se New Deal beleid in 1933 'n aanvang geneem het. Algemene owerheidsbesteding, uitgedruk as 'n persentasie van bruto binnelandse produk, (G/BBP), was in alle Westerse lande nog kleiner as 10 persent vóór die Eerste Wêreldoorlog. In die OESO-lande (lidlande van die Organisasie Samewerking en Ontwikkeling) het G/BBP intussen gestyg na 28,5 persent in 1955, 41,1 persent in 1975.²⁸⁾ Sedertdien het dit verder gestyg tot in 1983 en daarna begin daal. Dwarsdeur hierdie periode (behalwe in oorlogstye) het die aandeel van welsynsbesteding in totale algemene owerheidsbesteding toegeneem en was dit die hoofoorsaak vir die styging in owerheidsbesteding.²⁹⁾

Vanweë die steeds groeiende belangrikheid van welsynstaatbestedings (in sowel absolute as relatiewe terme) in die loop van die 20ste eeu, ontstaan die vraag waarom daar nie reeds op 'n vroeër stadium in die 19de eeu met heirdie soort bestedings 'n aanvang gemaak is nie en waarom die welsynsbestedings waarmee wel 'n aanvang gemaak is, nie toe reeds op 'n veel groter skaal was nie. Verskeie redes kan vir hierdie stand van sake aangevoer word. Eerstens was die belastingkapasiteit van selfs geïndustrialiseerde Westerse lande waarskynlik nog nie groot genoeg om relatief groot welsynstaatbestedings te ondersteun vóór die laaste kwart van die 19de eeu nie. Tweedens was die metodes om belastings te in, klaarblyklik ook baie onderontwikkeld vóór die Eerste Wêreldoorlog. Tydens die Eerste (maar ook tydens die Tweede) Wêreldoorlog het belangrike organisatoriese ontwikkelinge plaasgevind (veral danksy verbeterde kommunikasiemetodes) waardeur Westerse lande proefondervindelik tot die besef gekom het dat hulle oor die burokratiese apparatuur beskik om groeiende welsynstaatbestedings redelik doeltreffend te administreer.

²⁸⁾ OECD studies in Resource Allocation, Junie 1978, p. 14.

²⁹⁾"... public expenditure has increased massivley during the twentieth century. At the middle of the century, the powerful combination of Keynesian ideas on macro-economic policy and the development of the welfare state provided a stimulus and a facilitator." Heald, D., Public Expenditure, (its defence on reform). Oxford: Martin Robertson, 1983, p. 32.

Vierdens het die laere stand nie juis effektiewe politieke bestedingsmag vóór die Eerste Wêreldoorlog besit nie, maar dit eers tydens en onmiddellik ná hierdie oorlog bekom. Hoewel die laere stand reeds in die tussen-oorlogse tydperk hulle politieke bedingingsmag - wat hulle danksy die voltooiing van die proses van politieke demokratisering - bekom het, vir ^{groter} welsynstaatbesteding en ter wille van veral hierdie stand se sosio-ekonomiese opheffing probeer gebruik het, was hulle pogings - vanweë die relatiewe ekonomiese stagnasie in die tussen-oorlogse tydperk, - maar net gedeeltelik suksesvol. Die redelike skerp toename van G/BBP (en veral die skerp toename in welsynsbesteding) ná 1955, is moontlik gemaak deur die besonder hoë per capita-groeikoers wat die OESO-lande in die eerste drie dekades ná die Tweede Wêreldoorlog ondervind het.

Laastens, maar geensins die minste nie, het die Laissez-faire opvatting (en die geloof in die gunstige werking van 'n vrye mark-ekonomie) nog redelik algemene aanvaarding geniet aan die einde van die vorige eeu en ook tydens die eerste dekades van hierdie eeu. Vanaf die Groot Depressie tot aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog het daar egter 'n belangrike ideologiese oommekeer in Westerse lande plaasgevind. Aan die begin van die vyftigerjare het alle Westerse regerings - ongeag of hulle hul politieke steun vanaf links of regs van middelpunt ontvang het - die ideologie van Sosiale Demokrasie aanvaar.

Die onderling versterkende wisselwerking wat ter wille van die ideologie van Sosiale Demokrasie tussen (a) die proses van politieke demokratisering, (b) die hoë welsynsbestedings (ter wille van die proses van ekonomiese demokratisering), (c) die hoë ekonomiese groeikoers en die gevorderde peil van industriële ontwikkeldheid en (d) ook sekere organisatoriese ontwikkelinge (ten opsigte van die insameling en besteding van owerheidsfondse), kan ook verduidelik word aan die hand van die gebrekkige Sosiaal-demokratiese ontwikkeling in lande waarin een of al die komponente in (a), (c) en (d) hierbo genoem, ontbreek het.

Tydens die Vrede van Versailles is volksdemokratiese grondwette aan die halfgeindustrialiseerde lande in Suid-en Oos-Europa toegeken. Geeneen van hierdie lande het op daardie stadium oor die ekonomiese en/of die organisatoriese ontwikkelingsvlak, en ook nie oor die belastingkapasiteit, beskik om 'n welsynstaatbeleid te ondersteun nie.

Die volksdemokratiese grondwette in hierdie lande het egter die laere stand in staat gestel om via die betrokke parlement aanspraak op groot welsynstaatbesteding te maak waaraan die betrokke lande nie kon voldoen nie. Dit is dan ook geen wonder dat die volksdemokratiese grondwette in al hierdie lande - nl. Portugal, Spanje, Italië, Griekeland, Turkye, Oostenryk, Bulgarije, Suid-Slawië, Poland, ens. - opgehef is in die tussenoorlogse tydperk en met (regse) Fascistiese regeringsvorms vervang is nie.³⁰⁾ Die meeste van hierdie lande verkeer steeds in die eksperimentele fase van die politieke én ekonomiese demokratiseringsprosesse - d.w.s. Sosiale Demokrasie is nog in geeneen van hierdie lande (met die uitsondering van Oostenryk) bestendig nie.

Ná die Tweede Wêreldoorlog is volksdemokratiese grondwette ook met onafhanklikwording aan eertydse kolonies voorsien. In die meeste van hierdie ontwikkelende lande het politieke én ekonomiese demokratisering ook 'n luukse geblyk te wees wat die betrokke lande nog geensins kon bekostig nie. In die meeste van hierdie sg. Derde-wêreld-lande het óf diktoriale regeringsvorms ontstaan óf slaag-

³⁰⁾Die enigste Oos-Europese land waarin die stelsel van volksdemokrasie gehandhaaf is in hierdie tydperk, is Hongarye terwyl dit in hoogsontwikkelde Duitsland deur die Nazi-stelsel vervang is.

die uitvoerende gesag daarin om die (potensiële) mag van die parlement te omseil óf om dit op 'n effektiewe wyse aan bande te lê. Lijphart toon aan dat (volks)demokrasie-grondwette in slegs 51 lande van die wêreld bestaan. Hy groepeer egter net 21 van hierdie lande as lande waarin volksdemokrasie ononderbroke en op 'n effektiewe wyse sedert die Tweede Wêreldoorlog bestaan. Hierdie 21 demokrasieë het volgens hom reeds die toets van die tyd deurstaan - klaarblyklik ook ten opsigte van fiskale en welsynstaats-aangeleenthede. In die ander 30 lande (waarvan baie Derdewêreldlande is), is die (volks)demokratiese parlementarisme volgens hom nog in die eksperimentele fase.^{31.)}

(c) 'n Konsensus oor die Ideologie van Sosiale Demokrasie.

Dit is opvallend dat die 21 lande met deurlopende volksdemokratiese grondwette oor sekere gemeenskaplike kenmerke beskik. Hulle is almal Westerse lande met die uitsondering van Japan. Hulle is hoogs geïndustrialiseerd met hoë lewenstandaarde en lae bevolkingsgroeikoerse. Almal het 'n lang tradisie van individuele vryheid, 'n goeie regstradisie, 'n hoë peil van geskooldheid en groot sosiale mobiliteit. Boonop het die meeste van hierdie lande ook 'n redelike lang tydperk van beperkte demokrasie deurloop. By hierdie kenmerke wat Lijphart noem, kan ons die volgende voeg. Al hierdie lande het (ten spyte van 'n opvallende verskil in politieke retoriek) die Sosiale Demokrasie as ideologie aanvaar. In al hierdie lande swaai die politieke swaartepunt met gereelde tussenposes na partye n t "links" en n t "regs" van die middelpunt op die ideologiese spektrum sonder dat die welsynstaatsbeleid of die siening omtrent konstitusionele demokrasie en "gemengde" kapitalisme betekenisvolle veranderinge ondergaan.

Vanwe  die redelike konsensus wat in Westerse lande rondom die ideologie van Sosiale Demokrasie ontstaan het, kan die ideologiese houding van partye net links van middelpunt nie meer as Demokratiese Sosialisme beskryf word nie en kan di  van partye net regs van middelpunt ook nie meer as Liberale Demokrasie beskryf word nie.

Hierdie redelike konsensus wat in veral die vyftiger-en

^{31.)}Ibid., hoofstuk 3.